

Fakulteit Ingenieurswese Assesseringsreglement

Goedgekeur deur die Fakulteitsraad op 13 Mei 2022

INHOUDSOPGAWE

1.	Inleiding	5
1.1	Agtergrond.....	5
1.2	Doeleindes van assessering	6
1.3	Raamwerk vir doeltreffende assessering	6
1.3.1	Geldigheid.....	7
1.3.2	Egtheid.....	7
1.3.3	Betroubaarheid.....	8
1.3.4	Opvoedkundige impak.....	8
1.3.5	Akademiese integriteit	9
1.3.6	Deursigtigheid.....	9
1.3.7	Billikheid	10
1.3.8	Haalbaarheid	10
1.3.9	Leer-gesentreerde terugvoer	10
2.	Punte- en Assesseringsterminologie	11
3.	Toelaatbare Assesseringsreëlins	12
4.	Berekening van Finale Punt	13
4.1	Algemene bepaling	13
4.2	Bepelings op gewigstoekenning in formules vir finale punte	14
4.3	FMp vir semestermodules	16
4.4	FMp vir modules wat in die eerste of derde kwartaal voltooi word	17
4.5	FMp vir modules wat in die tweede of vierde kwartaal voltooi word	17
4.6	FMp vir jaarmodules.....	18
4.7	Modules wat A4-assesserings aanbied.....	19
4.8	Nagraadse modules wat in 'n enkele blok aangebied word.....	19
4.9	Nagraadse modules wat in twee blokke aangebied word	20
4.10	Finale punte vir 'n magistergraad.....	20
5.	Gebruik Van en Toegang Tot Assesserings.....	21
6.	Bespreking van Nagesiene Antwoordskrifte met Personeel	23
6.1	Verwante bepaling in die US-assesseringsreëls.....	23
6.2	Verwante fakulteit-spesifieke bepaling	23
7.	Inligting op SUNLearn en in Moduleraamwerke	24
8.	Normale Voorvereiste, Slaagvoorvereiste en Newevereiste Modules... ..	25
8.1	Slaagvoorvereiste module	25
8.2	Voorvereiste module	25
8.3	Newevereiste module.....	26
9.	Dekaansvergunningsassessering	26

10.	Ander Fakulteitspesifieke en verwante US Reëls	27
10.1	Die maksimum tydsduur vir assesserings.....	27
10.2	A2-, A3- en A4-assesserings wat uit meer as een assesseringssessie bestaan 28	
10.3	Vaslegging en bekendmaking van punte	28
10.4	Bewaring van nagesiene antwoordskrifte	29
10.5	Kopiereg op vraestelle	29
10.6	Assesseringsgeleenthede wat bydra tot AF.....	29
10.7	Spesiale assesseringsreëlings	30
10.8	Werk gedek per assessering	30
10.9	Moderering	30
10.10	ECSA Graduandi-eienskappe en ECSA Kennisareas	30
10.10.1	GA assesseringswerkwinkels.....	31
10.10.2	Algemene subminima en finale punt maksima geassosieer met GAs	31
10.10.3	Moderering van GA assesserings.....	31
10.10.4	GA assesseringsrubrieke.....	31
10.10.5	GAs wat in verskeie assesseringsgeleenthede binne 'n enkele module geassosieer word.....	33
10.10.6	GA assessering rekordhouding	33
10.11	Subminima en geleenthede om te verbeter	34
10.12	Mondelinge eksamens.....	36
10.13	Assesserings van groep- of spanwerk.....	36
10.13.1	Samestelling van 'n span	36
10.13.2	Veranderlike spangroottes	37
10.13.3	Pligte en verantwoordelikhede van studente	37
10.13.4	Eweknie-evaluering	37
10.13.5	Appèl teen en moderering van eweknie-evaluering	38
10.13.6	Eksterne moderering	38
10.13.7	Sperdatums vir voorleggings	39
10.14	Verwante NGDip (Ing) en MIng (Gestruktureerd) modules	39
10.15	Ekstra skryftyd	40
10.16	Toegewings aan herhalers	40
Bylae A	Module-Assesseringsformulerings.....	41
A.1	Modules met spesiale gewigstoekennings.....	41
A.2	Modules wat in die eerste/derde kwartaal voltooi word.....	45
A.3	Modules wat in die tweede/vierde kwartaal voltooi word	46
A.4	Modules wat van A4-assesserings gebruik maak	47
A.5	Verlengde modules.....	47
A.6	Spesiale formules vir finale punte	47

Bylae B	Modules met Module-spesifieke Reëlings	48
B.1	Modules waar assesserings buite die A1-tydperk tot die A1-punt bydra	48
B.2	Modules waar meer as een assesseringsvraestel in A2, A3 en/of A4 voltooi word.....	48
B.3	Modules waarvan assesserings die normale tydsduur oorskry.....	48
B.4	Modules met assesserings wat tot AF bydra en wat buite die kontaktydperke vir die module plaasvind	48
B.5	Modules met spesiale toestemming om A4-assesserings aan te bied.....	49
B.6	Modules waar 'n enkele assesseringsgeleentheid die enigste beslissende faktor vir 'n slaag of sak mag wees.....	49
B.7	Modules waar 'n enkele assesseringsgeleentheid meer as 60% van die finale punt mag bydra	50
B.8	Bekendmaking van finale punte op ander maniere as SUNStudent	51
B.9	Besigtiging van nagesiene A2-antwoordskrifte	51
B.10	Appèlle ten opsigte van ander assesseringsgeleenthede as A2, A2S2 en A3	51

1. INLEIDING

1.1 Agtergrond

Die Fakulteit Ingenieurswese (hierna “die Fakulteit”) onderskryf die Universiteit Stellenbosch se Assesseringsbeleid en die hoofstuk “Assesserings- en Promosiebepalings” in Deel I (Algemeen) van die Jaarboek. Die universiteitswye assesseringsreëls wat in Deel I van die Jaarboek verskyn, is vanaf 2023 van toepassing op assesserings in alle voor- en nagraadse modules, en vervang derhalwe die vorige stelsels vir eksaminering en buigsame assessering.

Bogenoemde hoofstuk “Assesserings- en Promosiebepalings”, waarna daar in die res van hierdie dokument as die “**US-assesseringsreëls**” verwys sal word, vereis die volgende:

- Alle fakulteite en sentrums wat programme en/of modules aanbied, moet binne die perke van hierdie hoofstuk van die Jaarboek ’n assesseringsreglement formuleer wat die assessering van hulle modules en/of programme reël.
- ’n Fakulteit of sentrum se assesseringsreglement kan vir ’n verskeidenheid assesseringskemas voorsiening maak sodat die tuisdepartement of -sentrum enige toegelate assesseringskema vir die betrokke fakulteit of sentrum se modules kan gebruik, sonder dat enige verdere goedkeuring op fakulteits- of ’n hoër vlak vereis word. Die reglement kan ook voorsiening maak vir ’n interne goedkeuringsproses vir modulespesifieke assesseringskemas.

Hierdie dokument is die assesseringsreglement van die Fakulteit Ingenieurswese. Dit is in die besonder van toepassing op voor- en nagraadse modules in ’n tuisdepartement in die Fakulteit, en op voor- en nagraadse programme wat die Fakulteit aanbied. Die Fakulteit se assesseringspraktyke is onderworpe aan die US-assesseringsreëls sowel as die reëls in hierdie dokument, wat met die beginsels en bepalinge van die Assesseringsbeleid strook. Let daarop dat hierdie dokument nie alle reëls herhaal wat in die Jaarboek verskyn nie. Slegs sommige reëls word hier vir maklike verwysing herhaal. Uitsonderings op die Fakulteit se assesseringskemas is onderhewig aan goedkeuring deur die Fakulteit se Programkomitee en word in Bylaes A en B gelys

Die assessering van magistertesisse en doktorsale verhandelings word nie hier hanteer nie, maar in die hoofstuk getiteld “Nagraadse kwalifikasies” in Deel I (Algemeen) van die Jaarboek en in die hoofstuk “Nagraadse Programme” in Deel 11 (Ingenieurswese), en ook in die Fakulteit Ingenieurswese se dokument oor prosedures vir nagraadse programme, wat die fakulteitspesifieke besonderhede verstrek.

1.2 Doeleindes van assessering

Die inhoud van hierdie afdeling maak deel uit van die hoofbepalings van die Assesseringsbeleid en word bloot vir maklike verwysing hier ingesluit.

Assessering kan vir verskeie doeleindes gebruik word wat die hoofdoelwit om leer te fasiliteer en studente vir lewenslange leer toe te rus, sal bevorder, soos byvoorbeeld:

- **Diagnostiese doeleindes**, wat studente se sterk- en swakpunte, voorafkennis en vaardighede evalueer voor hul onderrig, byvoorbeeld as 'n voorafassessering vir 'n module/kontak sessie/tutorial om te bepaal watter aksie(s) van student en/of dosent vereis word, of vir die doeleindes van keuring, toelating en/of plasing.
- **Summatiewe doeleindes** (d.w.s. assessering van leer), wat besluite en bevindinge oor studente se vordering toelig, soos vir bevordering of sertifikasie, en waartydens waardeoordele oor studente se prestasie gemaak word. Summatiewe doeleindes sluit ook keuring, toelating en plasing in.
- **Formatiewe doeleindes** (d.w.s. assessering vir leer), wat hoofsaaklik die leerproses bevorder deur studente die geleentheid te bied om met behulp van leer-gesentreerde terugvoer die verlangde kennis, vaardighede en houdings te ontwikkel. Self- en portuurassessering kan leer verder aanhelp deur studente self die assesseringskriteria te laat toepas.
- **Volhoubare doeleindes** (d.w.s. assessering as leer), wat studente toerus om lewenslange leerders te word wat hulle eie prestasie kan beoordeel. Self- en portuurassessering is belangrik om dít te versterk.
- **Evalueringsdoeleindes**, wanneer assesseringsuitslae deel uitmaak van die inligting wat gebruik word om die gehalte van 'n leer-en-onderriggeleentheid/-module/-program te evalueer.

Enige assessering kan vir meer as een doeleinde onderneem word.

1.3 Raamwerk vir doeltreffende assessering

Die inhoud van hierdie afdeling maak deel uit van die hoofbepalings van die Assesseringsbeleid en word bloot vir maklike verwysing hier ingesluit.

Assesserings wat studenteleer bevorder moet ontwerp word volgens die beginsels vir doeltreffende assessering. Die doel van die raamwerk hieronder is om assesserders riglyne te bied aan die hand waarvan hulle hul assesseringspraktyke – individuele assesseringsgeleenthede sowel as prosesse op module- en programvlak – kan evalueer. Nietemin bly fakulteite, sentrums en hulle personele wat met assessering gemoeid is daarvoor

verantwoordelik om hierdie bepalings met hulle unieke omstandighede in gedagte te vertolk en in hulle eie kontekste toe te pas.

Assesseerders behoort te verseker dat in elke geval die assesserings die bepalings hieronder bevredig – op *alle* assesseringsvlakke (bv. individuele assesseringsgeleenthede en op module- of programvlak), sowel as alle assesseringsmetodes en -instrumente (bv. aanlyn toetse, meerkeusevrae, ensovoorts).

Belangrik: Hierdie beginsels vorm 'n geïntegreerde raamwerk en moet nie in isolasie oorweeg of toegepas word nie. Die beginsels moet eerder, sover as moontlik, teen mekaar opgeweeg word. Dít kan beteken dat individuele bepalings moontlik nie in 'n gelyke mate op elke assessering van toepassing is nie, maar op 'n holistiese wyse op module- en/of programvlak toegepas behoort te word.

1.3.1 Geldigheid

Assesserings is geldig indien dit meet wat dit veronderstel is om te meet, en wanneer die afleidings en aksies wat daarop gegrond is, gepas en akkuraat is.

Kenmerke van geldigheid:

- a. Die assesseringskomponent van 'n program is so beplan en ontwikkel dat dit studente toelaat om te toon in watter mate hulle die gestelde uitkomst, sowel spesifiek as generies, bereik het.
- b. Die assessering met die leeruitkomst en assesseringsgeleenthede strook.
- c. Maatreëls in plek is wat verseker dat wat geassesseer word die inhoud van die gestelde uitkomst genoegsaam sal weerspieël.
- d. Die assesseringsmetodes (soos toetse, opdragte, take, praktiese werk, mondelinge, ensovoorts) gekies is na gelang van die aard van die leeruitkomst wat geassesseer word.
- e. Die getal geleenthede vir die verskillende soorte assesserings is in verhouding met die verskillende leeruitkomste.

1.3.2 Egtheid

Egte assesseringspraktyke stem ten nouste ooreen met aktiwiteite wat in die werklike wêreld plaasvind, wat daardeur vereis dat studente relevante vaardighede en kennis toepas. Hierdie tipe assessering kan studenteleer met die oog op 'n veranderende wêreld ondersteun, en geleenthede skep om graduandi-eienskappe te ontwikkel en te assesseer waar nodig en/of gepas. Egtheid gaan voorts daarvoor om leeromgewings te skep wat lewensgetroue kontekste en scenario's betrek, wat verseker dat assessering meet of studente

hulle kennis doeltreffend kan toepas, eerder as dat studente oppervlakkige kennis weergee, net om dit kort ná die assesseringsgeleentheid weer te vergeet. Nietemin is dit dalk nie ewe toepaslik in alle leerkontekste nie.

Kenmerke van egte assessering sluit in:

- a) 'n taak wat strook met wat in die werklike wêreld/werkplek van die student verwag sal word;
- b) 'n taak wat 'n afgeronde produk oplewer wat op sigself waarde het;
- c) 'n taak wat hoër-orde denke vereis en oordenking en selfassessering insluit;
- d) leergeleenthede wat soomloos by die assesseringsgeleentheid geïntegreer is;
- e) 'n taak wat samewerking tussen studente, en selfs tussen studente en beroepslui, vereis;
- f) studente wat keuses uitoefen en oordele vorm oor sekondêre take; en
- g) 'n komplekse taak wat om 'n oop vraag draai en uiteenlopende en vernuwende reaksies vereis.

1.3.3 Betroubaarheid

Betroubare assessering onderskei konsekwent tussen aanvaarbare prestasie, voorbeeldige prestasie, en prestasie wat kan verbeter. Die resultate van individuele assesseringstake of -geleenthede, sowel as dié van assesseringsprosesse (modules en programme) moet herhaalbaar wees in verskillende omstandighede/kontekste of oor tyd.

Kenmerke van betroubaarheid:

- a) Metodes met erkende betroubaarheid om gestelde uitkomst te assesser, word gekies.
- b) Aandag word geskenk aan die faktore wat die betroubaarheid van die metode kan beïnvloed.
- c) Die getal en verskeidenheid assesseringsmetodes word doelbewus gekies om betroubaarheid te verbeter.
- d) Wanneer een of meer eksamineerders gemoeid is met die merk van dieselfde item, word voorsorg getref om eenvormigheid te verseker.

1.3.4 Opvoedkundige impak

Assessering beïnvloed wat, wanneer en hoe studente leer.

Dosente wat assesseer om leer te bevorder, doen die volgende:

- a) Gebruik assesserings wat gepas is vir die inhoud en wat relevant is vir die gestelde uitkomst.
- b) Gebruik assesseringsformate wat gepas is vir die uitkomst.
- c) Skeduleer assesserings so dat dit 'n dieper benadering tot leer aanmoedig.
- d) Oorweeg so ver as moontlik hoe elke individuele assessering tot holistiese assessering in die module en program (waar moontlik) bydra, onder meer hoe elke assessering met die uitkomst strook en tot die finale punt bydra.

1.3.5 Akademiese integriteit

Om te bepaal of studente die uitkomst van 'n module of program verwerf en bereik het, moet dosente weet dat die werk wat hulle assesseer deur die student self gedoen is, m.a.w. dat hulle kan staatmaak op akademiese integriteit. US het prosedures ingestel wat akademiese integriteit van alle assesseringspraktyke bevorder, asook in die aanlyn omgewing. Dít impliseer dat alle betrokkenes ten volle op hoogte is van die Universiteitsregulasies in dié verband, soos uiteengesit in die Universiteit se Plagiaatbeleid (ter ondersteuning van Akademiese Integriteit) (US, 2016), wat van toepassing is op van aangesig-tot-aangesig asook aanlyn (hetsy met of sonder toesig) assesserings.

1.3.6 Deursigtigheid

Deursigtige assessering beteken dat studente ingelig is oor die redes vir die assessering, wanneer dit sal plaasvind, ensovoorts.

Kenmerke van deursigtigheid:

- a) Studente word in kennis gestel van enige omgewingspesifieke appèlprosedures benewens dié in die US Jaarboek (Deel I).
- b) Studente ontvang duidelike inligting oor die assesseringsvereistes waarteen hulle prestasie in die verskeie assesseringsgeleenthede en -metodes gemeet sal word.
- c) Punte vir assesseringstake, sowel as die finale punt, word op grond van duidelik omskrewe assesseringskriteria bepaal, en nie met verwysing na ander studente se prestasie nie.
- d) Die moduleraamwerk verduidelik die formule vir die toekenning van gewigte aan die verskillende assesseringsgeleenthede, waarvolgens die finale punt bereken word.

1.3.7 Billikheid

In billike assesseringstelsels word alle studente sonder vooroordeel of diskriminasie behandel. Assesseringsopdragte moet so geformuleer word dat studente uit verskillende omstandighede dit korrek kan verstaan en vertolk, en moet die bepalings van die Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch integreer.

Kenmerke van billikheid:

- a) Alle studente het toegang tot leergeleenthede voor assesserings plaasvind.
- b) Die berekening van modulepunte is 'n oorwoë, regverdigbare proses.
- c) Maatreëls is in plek om te verseker dat studenteprestasie met betroubaarheid en geldigheid beoordeel word.
- d) 'n Verskeidenheid assesseringsmetodes word gebruik, waar van toepassing, onder meer formatiewe assesserings wat studente toelaat om uit hulle foute te kan leer voor summatiewe assesserings afgelê word.
- e) Die kriteria vir assessering word aan studente bekend gemaak voordat hulle die taak moet doen.
- f) Doelbewuste pogings word aangewend word om die assessering teen enige opsetlike of onopsetlike vorme van onbillike diskriminasie te vrywaar, vir sover dit moontlik is.

1.3.8 Haalbaarheid

Die koste en praktiese implikasies van die assesseringsproses moet redelik wees in die konteks en vir die doel van die assessering. Dít kan insluit dat die tydsbepaling van elke assessering, sowel as die tyd en inspanning wat van studente vereis word, gepas moet wees vir die doel van die assessering en die bydrae tot die finale punt (waar van toepassing).

1.3.9 Leer-gesentreerde terugvoer

Dosente moet terugvoer gee wat studente in staat stel om te onderskei tussen gedeeltes wat bevredigend voltooi is en gedeeltes wat verdere studie verg. Studenteleer word bevorder en ondersteun, nie deur 'n eensydige fokus op punte nie, maar deur studente by te staan om hulle eie leer te moniteer en oor leerervarings na te dink. Leer-gesentreerde terugvoer oor formatiewe, summatiewe en volhoubare assesseringstake is noodsaaklik in hierdie opsig, maar mag ongepas of onuitvoerbaar wees in die geval van finale assesseringstake.

Aanwysers van terugvoer wat studenteleer bevorder:

- a) Formatiwe en volhoubare assessering met leer-gesentreerde terugvoer is 'n integrale deel van die assessering van programme en modules, waar dit ook al van toepassing is.
- b) Assesseringsgeleentheid word deur die hele semester geskeduleer om leergehalte te verhoog, wat deur leer-gesentreerde terugvoer aangemoedig en ondersteun word.
- c) Studente kry die geleentheid om op terugvoer te reageer en sodoende hulle prestasie in daaropvolgende take te verbeter.
- d) Studenteprestasie word gebruik as 'n bron van inligting vir nadenke oor onderrig- en leerpraktyke.
- e) Studente word onderrig in die gebruik van assesseringsterugvoer vir verdere ontwikkeling.
- f) Dosente dink voortdurend na oor assesseringspraktyke deur die beginsels van gesonde assessering en konstruktiewe belyning toe te pas.

2. PUNTE- EN ASSESSERINGSTERMINOLOGIE

Raadpleeg gerus die US-assesseringsreëls vir omskrywings van vak- en moduletipes (bv. semestermodule en jaarmodule) en assesseringstydperke. Let daarop dat die naam “behoorlik voltooide module” vanaf 2023 die term “bywoningsmodule” vervang, terwyl “geleentheidsmodule” die term “ekstra module” vervang.

Die volgende tipes punte word ooreenkomstig die US-assesseringsreëls op SUNStudent vasgelê (waar S1 en S2 onderskeidelik die eerste en tweede semester aandui en slegs op jaarmodules van toepassing is; die afkortings van Engelse weergawes word hier gebruik omdat dit ook in SUNStudent so gebruik sal word):

FM (finale punt; Eng: *final mark*)

Gee die finale prestasie in 'n module weer, buiten in “behoorlik voltooide modules” (soos die US-assesseringsreëls dit omskryf).

A1 punte

word deur groot summatiwe assesserings gedurende die Toetsweek en, vir modules aangedui in Bylae B, buite die Toetsweek bepaal..

AF punte (assesserings verder; Eng: *assessments further*)

word deur verdere summatiwe assesserings gedurende die klastydperk van die betrokke semester bepaal. AF verteenwoordig assesserings waarvoor daar nie redelikerwys in A1 voorsiening gemaak kan word nie, byvoorbeeld praktiese werk (laboratorium of ander), projek-opdragte, of klein summatiwe assesserings gedurende gewone tutoriaal tydperke.

Die punte van die komponente wat tot AF bydra, word gewoonlik op SUNLearn aan studente bekend gemaak. Assesserings wat tot AF bydra, word nie deur die Roosterkantoor geskeduleer nie. Verwys ook na Afdeling 10.6 vir fakulteitspesifieke reëls rakende assessering wat bydra tot AF.

A2- en A3-punte

word uitsluitlik gedurende die onderskeie A2- en A3-assesseringstydperke bepaal. Let daarop dat A3-punte vir jaarmodules uitsluitlik deur assesserings gedurende die A3-tydperk in die tweede semester bepaal word.

A4-punte

word bepaal deur Januarie-/Februarie-assesserings (wat nie Dekansvergunningsassesserings is nie). Let daarop dat geen modules in hierdie Fakulteit A4-assesserings aanbied nie.

DVA-punte (Dekansvergunningsassessering-punte; Eng: *DCA, Dean's Concession Assessment marks*)

word deur 'n Dekansvergunningsassessering bepaal.

Benewens die punte wat in die US-assesseringsreëls omskryf word, gebruik die Fakulteit ook die volgende tipes punte:

MTD (punt tot op datum, Eng: *Mark to date*)

word gebruik om studente in te lig oor hul status voor A2 (vir semestermodules) of A2S2 (vir jaarmodules).

3. TOELAATBARE ASSESSERINGSREËLINGS

Personeellede wat die aanbieding van 'n module lei, kan 'n assesseringsreëling kies wat:

3.1.1 gepas is vir die gestelde uitkomste en gekose pedagogiese benadering vir die module;

3.1.2 aan al die vereistes van die Fakulteit se assesseringsreglement voldoen, met inagneming van die goedgekeurde uitsonderings in bylae B;

3.1.3 aan al die vereistes van die US-assesseringsreëls voldoen, wat die volgende insluit:

3.1.3.1 Die assesseringsreëlins moet voorsiening maak vir prosesse om studente se werk in 'n module stelselmatig te assesser en te weeg deur opeenvolgende geleenthede gedurende die semester of jaar, wat van 'n verskeidenheid assesseringsmetodes gebruik maak, soos opdragte, toetse, portefeuljies, mondelinge,

laboratoriumondersoeke, seminare, tutoriale, projekverslae, ensovoorts.

- 3.1.3.2 Die assesseringsreëlings moet doeltreffende assessering ondersteun, soos wat die Universiteit se Assesseringsbeleid dit beskryf, wat die nege kriteria vir doeltreffende assessering insluit. Dié kriteria is geldigheid, egtheid, betroubaarheid, opvoedkundige impak, akademiese integriteit, deursigtigheid, billikheid, haalbaarheid en tydigse terugvoer.
- 3.1.3.3 Die assesseringsreëlings moet voorsiening maak vir tydigse terugvoer aan studente ná formatiewe en summatiewe assesserings gedurende die klastydperk van die semester. Hierdie assesserings en terugvoer behoort studente die geleentheid te bied om hulle eie leer te bevorder en terugvoer te ontvang oor die mate waarin hulle die module-uitkomst bemeester het. Assesserings wat hoofsaaklik formatief is, kan ook 'n summatiewe rol vervul (maar hoef nie) en kan tot AF bydra (byvoorbeeld kort toetse gedurende tutoriaalperiodes).
- 3.1.3.4 Geen enkele assesseringsgeleentheid mag die enigste beslissende faktor vir 'n slaag of sak wees nie, buiten waar 'n fakulteit se assesseringsreglement dit uitdruklik toelaat. Indien 'n student om watter rede ook al (bv. roosterbotsings, siekte, persoonlike verpligtinge, godsdienstige redes, of verlof van die Registrateur) nie van 'n beskikbare assesseringsgeleentheid gebruik maak nie, sal dit steeds beskou word as 'n geleentheid wat aan daardie student gebied is.
- 3.1.3.5 Die voltooiing van bykomende, opsionele of aanvullende assesserings mag nie 'n student se finale punt verlaag nie.

4. BEREKENING VAN FINALE PUNT

4.1 Algemene bepalings

- 4.1.1 Modules kan sonder voorafgoedkeuring enige van die formules vir finale punte hieronder gebruik, onderworpe aan die aangeduide beperkings op gewigstoekenning.
- 4.1.2 Die berekening van finale punte met behulp van die formules hieronder kan op SUNStudent geoutomatiseer word. Daarvoor moet die assesseringskemas wat vir elke module gebruik sal word teen 15 November van die vorige jaar by die SUNStudent-Ondersteuningsentrum (SSC) ingedien word. Indien die assesseringskema onderworpe is aan goedkeuring deur die Fakulteit en/of die Akademiese Beplanningskomitee (ABK), moet sodanige goedkeuring verkry word vóór indiening by SSC.

- 4.1.3 Indien die bepaalde omstandighede van die module 'n ander formule vereis, kan daardie formule slegs gebruik word nadat die Fakulteit se programkomitee dit goedgekeur het. In so 'n geval word die finale punt normaalweg nie outomaties op SUNStudent bereken nie. Die modules waarvoor sodanige uitsonderings goedgekeur is, word in bylae B aangedui.
- 4.1.4 Alle punte in die formules is uit 100, soos wat die US-assesseringsreëls vereis.
- 4.1.5 'n Student se finale punt word verkry deur die voorlopige finale punt (Eng: *provisional final mark*, FMp) uit die formules in verdere afdelings hieronder af te rond, volgens die reëls in die Algemene Jaarboek. Die US-assesseringsreëls vereis dat finale punte (FM) tussen 35 en 50 in veelvoude van 5 toegeken word, en andersins in heelgetalle.
- 4.1.6 Indien 'n student nie kon aantoon dat 'n bepaalde uitkoms wat in die moduleraamwerk as 'n subminimum of slaagvereiste aangedui word, bereik is nie, mag die finale punt nie 45 oorskry nie. Tipiese voorbeelde is waar studente nie alle vereiste praktiese laboratoriumwerk in 'n module bevredigend voltooi het nie, of waar studente nie voldoen het aan beroepsliggaamvereistes wat in die module geassesseer is nie.
- 4.1.7 Indien 'n student te min assesserings afgelê het om 'n FM te verwerf, word geen FM toegeken nie en 'n "sak" resultaat sal aangeteken word (hierdie benadering vervang die vorige praktyk om 'n resultaat van "onvoltooid" toe te ken).
- 4.1.8 Slegs vir die doeleindes vir die toepassing van die formules wat in onderafdelings hieronder gegee word: indien 'n student nie 'n assessering geskryf het nie, word 'n punt van 0 vir daardie assessering in die finale puntformules gebruik.
Let wel: geen punt moet op SUNStudent vir daardie student aangeteken word vir daardie assessering nie.

4.2 Beperkings op gewigstoekening in formules vir finale punte

Die afdelings hierná voorsien formules vir die berekening van finale punte as geweegde gemiddeldes van verskeie ander punte. Hierdie afdeling bevat voorskrifte oor die beperkings op die relatiewe gewigstoekennings waaraan elke module moet voldoen, tensy afwykings vir 'n module goedgekeur en in bylae B vervat is.

- 4.2.1 Vir semestermodules waar 'n groot skriftelike eindassessering onder toesig gepas is:
- 4.2.1.1 $W_{AF} \leq 0.2$ indien AF uit klein assesserings met 'n oorwegend formatiewe rol saamgestel is (d.w.s. wat gewoonlik in minder

beheerde omstandighede soos tutoriale afgeneem word, wat nie verseker dat dit studente se eie werk is wat geassesseer word nie)

- 4.2.1.2 $W_{A1} \leq 0.3$ vir eerstejaar-eerstesemestermodules (om voorsiening te maak vir studente wat die oorgang van skool na universiteit maak)
- 4.2.1.3 $W_{A1} \leq 0.35$ vir eerstejaar-tweedese semestermodules
- 4.2.1.4 $W_{A1} \geq 0.25$
- 4.2.1.5 Vir 2^{de} en latere jare van studie
 $0.25 \leq W_{A1}$ minimum(0.4, $W_{A2} - 5\%$)
- 4.2.1.6 $0.4 \leq W_{A2} \leq 0.6$
- 4.2.1.7 $W_{A3} = W_{A2}$

4.2.2 Vir modules wat in 'n enkele kwartaal aangebied word, waar 'n groot finale skriftelike onder-toesig assessering van toepassing is:

- 4.2.2.1 $W_{AF} \leq 0.2$ indien AF saamgestel is uit klein assesserings met 'n primêre formatiewe rol (d.w.s. wat tipies in minder beheerde omstandighede soos tutoriale afgeneem word, wat nie verseker dat dit studente se eie werk is wat geassesseer word nie).
- 4.2.2.2 Vir modules aangebied in die eerste/derde kwartaal:
 $0.5 \leq W_{A1} \leq 0.8$
- 4.2.2.3 Vir modules aangebied in die tweede/vierde kwartaal:
 $0.5 \leq W_{A2} \leq 0.8$

4.2.3 Vir modules waar groot assesserings (bv. 'n projek) bydra tot die meerderheid van die uitkomste van die module:

'n Enkele assessering wat by W_{AF} ingesluit is, kan slegs 'n bydrae tot FM van 0.4 of meer hê indien die projek tussentydse voorleggings met terugvoer aan studente het.

Dosente word aangemoedig om, wanneer hulle W_{A1} kies, in gedagte te hou dat A1 oor die algemeen onder aansienlike tydsdruk geskryf word en dat dit normaalweg tot twee uur beperk word. Daarmee saam, veral wanneer W_{A1} 0.5 oorskry, word dosente aangemoedig om soveel van die semester se werk as wat prakties is tydens A2 te assesseer.

Tipiese waardes vir die gewigte in die Fakulteit Ingenieurswese is: [$w_{AF} = 0.15$; $w_{A1} = 0.35$; $w_{A2} = 0.5$], [$w_{AF} = 0.1$; $w_{A1} = 0.4$; $w_{A2} = 0.5$] en [$w_{AF} = 0.1$; $w_{A1} = 0.3$; $w_{A2} = 0.6$]

4.3 FMP vir semestermodules

Hierdie afdeling is van toepassing op semestermodules wat A1-, A2- en A3-assesserings aanbied, tensy uitsonderings op die reëls goedgekeur is. Bylae B bevat 'n lys modules met sulke goedgekeurde uitsonderings.

In die volgende formules verteenwoordig AF, A1, A2 en A3 die punte (elk uit 100) wat 'n student behaal het in die ooreenstemmende assesserings of kombinasie van assesserings.

Slegs vir die volgende formules: indien 'n student nie 'n punt vir 'n assessering verwerf het nie, word 'n punt van 0 vir daardie assessering in die formules gebruik. Let wel dat geen punt vir daardie assessering vir daardie student op SUNStudent vasgelê moet word nie.

4.3.1 'n Student se voorlopige finale punt word soos volg bereken:

$$MTD = (W_{AF}/W_{sum}) AF + (W_{A1}/W_{sum}) A1$$

$$\text{waar } W_{sum} = W_{AF} + W_{A1}$$

en geen MTD word toegeken indien die student nie A1 afgelê het nie.

$$FM1 = W_{AF} AF + W_{A1} A1 + W_{A2} A2,$$

$$\text{waar } W_{AF} + W_{A1} + W_{A2} = 1.$$

Opsie 1: alle assesserings afgelê, word gebruik: hierdie opsie word nie toegepas op modules in die Fakulteit Ingenieurswese nie.

Opsie 2: AF word altyd gebruik en die beste toelaatbare kombinasie van A1, A2 en A3

$$FM2 = (W_{AF}/W_{sum}) AF + (W_{A1}/W_{sum}) A1 + (W_{A3}/W_{sum}) A3$$

$$FM3 = (W_{AF}/W_{sum}) AF + (W_{A2}/W_{sum}) A2 + (W_{A3}/W_{sum}) A3$$

waar W_{sum} die som is van die W-faktore vir die assesserings wat in daardie formule gebruik word.

$$FMp = \text{maksimum}(FM1, FM2, FM3),$$

maar geen FMp word toegeken indien 'n student nie ten minste twee van A1, A2 en A3 afgelê het nie.

4.3.2 Die volgende bepalinge geniet voorrang bo die formules hierbo:

4.3.2.1 Indien 'n student nie ten minste 40 in A2 of A3 behaal het nie, mag die FMp nie 45 oorskry nie.

4.3.2.2 Indien 'n student A1, A2 én A3 afgelê het, mag die FMp nie 50 oorskry nie, behalwe vir modules en spesifieke studente soos gelys in Bylae A se Afdeling 6.

4.3.2.3 Indien 'n student 'n DVA afgelê het, vervang die DVA-punt die laagste van A2 of A3 in die formules hierbo.

4.4 FMp vir modules wat in die eerste of derde kwartaal voltooi word

Hierdie afdeling is van toepassing op semestermodules wat in die eerste of derde kwartaal voltooi word, tensy uitsonderings op die reëls goedgekeur is. Raadpleeg asseblief bylae A vir 'n lys modules wat van hierdie formaat gebruik maak.

Slegs vir die volgende formules: indien 'n student nie 'n punt vir 'n assessering verwerf het nie, word 'n punt van 0 vir daardie assessering in die formules gebruik. Let wel dat geen punt vir daardie assessering vir daardie student op SUNStudent vasgelê moet word nie.

4.4.1 Geen A3 word in hierdie modules aangebied nie, en A2 dien as 'n aanvullende assessering vir A1.

4.4.2 'n Student se voorlopige finale punt word soos volg bereken:

$$FM1 = W_{AF} AF + W_{A1} A1,$$

waar $W_{AF} + W_{A1} = 1$.

maar indien A2 nie afgelê is nie, word geen FM1 toegeken nie.

Opsie 1: alle assesserings afgelê, word gebruik: hierdie opsie word nie hier ingesluit nie, aangesien dit nie toegepas word op modules wat in die Fakulteit Ingenieurswese aangebied word nie.

Opsie 2: AF word altyd gebruik en die beste toelaatbare kombinasie van A1 en A2

$$FM2 = (W_{AF}/W_{sum}) AF + (W_{A2}/W_{sum}) A2,$$

waar W_{sum} die som is van die W-faktore vir die assesserings wat in daardie formule gebruik word.

$FMp = \text{maksimum}(FM1, FM2)$,

maar geen FMp word toegeken indien 'n student nie ten minste een van A1 en A2 afgelê het nie.

4.4.3 Die volgende bepalinge geniet voorrang bo die formules hierbo:

4.4.3.1 Indien 'n student nie ten minste 40 in A1 of A2 behaal het nie, mag die FMp nie 45 oorskry nie.

4.4.3.2 Indien 'n student A1 én A2 afgelê het, mag die FMp nie 50 oorskry nie.

4.4.3.3 Indien 'n student 'n DVA afgelê het, vervang die DVA-punt die laagste van A1 of A2 in die formules hierbo.

4.5 FMp vir modules wat in die tweede of vierde kwartaal voltooi word

Hierdie afdeling is van toepassing op semestermodules wat in die tweede of vierde kwartaal begin en voltooi word, tensy uitsonderings op die reëls

goedgekeur is. Raadpleeg asseblief bylae A vir 'n lys modules wat van hierdie formaat gebruik maak.

Slegs vir die volgende formules: indien 'n student nie 'n punt vir 'n assessering verwerf het nie, word 'n punt van 0 vir daardie assessering in die formules gebruik. Let wel dat geen punt vir daardie assessering vir daardie student op SUNStudent vasgelê moet word nie.

4.5.1 Geen A1 word in hierdie modules aangebied nie, en A3 dien as 'n aanvullende assessering vir A2.

4.5.2 'n Student se voorlopige finale punt word soos volg bereken:

$$FM1 = W_{AF} AF + W_{A2} A2,$$

waar $W_{AF} + W_{A2} = 1$

maar indien A2 nie afgelê is nie, word geen FM1 toegeken nie.

.

Opsie 1: alle assesserings afgelê, word gebruik: hierdie opsie word nie hier ingesluit nie, aangesien dit nie toegepas word op modules wat in die Fakulteit Ingenieurswese aangebied word nie.

Opsie 2: AF word altyd gebruik en die beste toelaatbare kombinasie van A2 en A3

$$FM2 = (W_{AF}/W_{sum}) AF + (W_{A3}/W_{sum}) A3$$

waar W_{sum} die som is van die W-faktore vir die assesserings wat in daardie formule gebruik word.

$FMp = \text{maksimum}(FM1, FM2),$

maar geen FMp word toegeken indien 'n student nie ten minste een van A2 en A3 afgelê het nie.

4.5.3 Die volgende bepalings geniet voorrang bo die formules hierbo:

4.5.3.1 Indien 'n student nie ten minste 40 in A2 of A3 behaal het nie, mag die FMp nie 45 oorskry nie.

4.5.3.2 Indien 'n student A2 én A3 afgelê het, mag die FMp nie 50 oorskry nie.

4.5.3.3 Indien 'n student 'n DVA afgelê het, vervang die DVA-punt die laagste van A2 of A3 in die formules hierbo.

4.6 FMp vir jaarmodules

Geen jaarmodules in die Fakulteit Ingenieurswese gebruik assesserings soos A1S1, A2S1, A1S2, A2S2 en A3 nie.

Party finalejaar projekmodules is jaarmodules. Hulle assesserings-elemente dra alles by tot AF en dus is $FMp = AF$.

4.7 Modules wat A4-assesserings aanbied

- 4.7.1 Nie van toepassing nie. Geen modules in die Fakulteit Ingenieurswese bied A4 geleentede nie

4.8 Nagraadse modules wat in 'n enkele blok aangebied word

- 4.8.1 Vir nagraadse modules wat in 'n enkele kontakblok (gewoonlik een week vir 'n module van 15 of 16 krediete) aangebied word, word twee moontlikhede toegelaat:
- 4.8.1.1 Slegs AF word gebruik (d.w.s. $W_{AF} = 1$; $W_{A1} = 0$; $W_{A2} = 0$), of
- 4.8.1.2 Slegs AF en A2 word gebruik (d.w.s. $W_{AF} + W_{A2} = 1$; $W_{A1} = 0$)
- 4.8.2 Party opdragte kan voor die kontakblok op grond van voorafleeswerk en selfstudie gegee word. Vir 'n module van 15 krediete sal hierdie opdragte gewoonlik 0 tot 30 uur se werk verg en 0% tot 15% van die FM bydra (terwyl dit deel uitmaak van AF). Van die voorafleeswerk kan ook skriftelik aan die begin van die kontakblok geassesseer word. Indien hierdie assessering onder toesig geskied of onderworpe is aan bevredigende plagiaatvoorkomingsmaatreëls, kan dit tot en met 30% van die FM bydra (terwyl dit deel uitmaak van AF).
- 4.8.3 Formatiewe assesserings gedurende die kontakblok, wat op groepen/of individuele werk berus, dra 20% tot 30% van AF by.
- 4.8.4 Vir die res van die finale punt:
- 4.8.4.1 Indien geen A2 gebruik word nie: Een of meer opdragte ná die kontakblok. Vir 'n module van 15 of 16 krediete sal hierdie opdragte gewoonlik 60 tot 100 uur se werk verg en die res van AF bydra.
- 4.8.4.2 Indien A2 gebruik word: Een of meer opdragte ná die kontakblok wat tot AF bydra, en 'n skriftelike assessering wat as A2 dien (onder toesig of onderworpe aan bevredigende plagiaatvoorkomingsmaatreëls). Vir 'n module van 15 of 16 krediete sal hierdie assesserings gewoonlik 60 tot 100 uur se werk verg.
- 4.8.5 Die algehele assesseringstyd behoort eweredig te wees aan die krediete en kontaktyd. Vir 'n tipiese module van 15 krediete (met 10 veronderstelde ure per SAKO-/HOKSR-krediet): Indien die module 'n week-lange kontakblok gebruik wat 60 uur se werk verg (kontaktyd en formatiewe assesserings), behoort die assesserings buite die blok altesaam 90 uur van die student te vereis.

4.9 Nagraadse modules wat in twee blokke aangebied word

- 4.9.1 Hierdie afdeling is van toepassing op nagraadse modules wat van twee kontakblokke gebruik maak, elk gewoonlik twee of drie dae lank, met 'n paar weke tussenin. Daar is twee goedgekeurde benaderings:
- 4.9.2 Met die eerste benadering volg hierdie modules bogenoemde metode vir modules wat van 'n enkele blok gebruik maak, hoewel van die werk wat in daardie geval aan opdragte ná die blok toegeken word, in hierdie geval aan opdragte tussen die blokke toegeken word.
- 4.9.3 Met die tweede benadering is die verstekbeperkings op bydraes van toepassing (afdeling 4.2) en word die metode hieronder gevolg:
- 4.9.3.1 Opsioneel: Klein opdragte voor die eerste kontakblok, wat op voorafleeswerk en selfstudie berus. Vir 'n module van 15 krediete sal hierdie opdragte gewoonlik minder as 10% van AF bydra.
- 4.9.3.2 Formatiewe assesserings gedurende die kontakblokke, wat op groep en/of individuele werk berus, dra die res van AF by.
- 4.9.3.3 Een summatiewe assessering ('n toets of projekteipe opdrag) wat aan die begin van die tweede blok afgelê word. Hierdie assessering sal as A1 beskou word.
- 4.9.3.4 Een summatiewe assessering ('n toets of projekteipe opdrag) ná die tweede blok. Hierdie assessering sal as A2 beskou word.

4.10 Finale punte vir 'n magistergraad

- 4.10.1 Die Fakulteit pas die volgende verstekbepaling van die US-assesseringsreëls toe: Vir 'n magistergraad waar die voorgeskrewe studie 'n tesis insluit, slaag studente met lof indien hulle, benewens voldoening aan alle voorgeskrewe vereistes om 'n algehele slaagpunt te ontvang, ook 'n finale punt van minstens 75 vir hulle tesis behaal het. Hierdie vereiste is belangrik indien die tesis nie alle krediete van die program uitmaak nie, en modules ook tot die gemiddelde finale punt bydra. Hierdie bepaling is nie van toepassing op navorsingsopdragte nie. (Vir die onderskeid tussen 'n tesis en 'n navorsingsopdrag, raadpleeg gerus paragraaf 5.4.1 van die hoofstuk "Nagraadse kwalifikasies", Jaarboek, Deel I).
- 4.10.2 Die Fakulteit pas die volgende verstekbepaling van die US-assesseringsreëls toe: Die finale punte vir nagraadse modules buiten bogenoemde algehele finale punt vir die program word deur die module se tuisdepartement of -sentrum op SUNStudent ingevoer. Onderworpe aan bogenoemde bepalings dra hierdie modules,

eweredig aan hulle onderskeie kredietgewig, tot die algehele finale punt vir die program by.

5. GEBRUIK VAN EN TOEGANG TOT ASSESSERINGS

- 5.1.1 Studente behoort daarop te let dat die US-assesseringsreëls onder meer bepaal dat die besluit om 'n assesseringsgeleentheid te benut onomkeerbaar is sodra 'n student die lokaal vir daardie assessering binnegaan. 'n Punt sal vir daardie assessering bepaal word, en kan in die berekening van die student se finale punt gebruik word, ooreenkomstig die tersaaklike assesseringsreëls van die module se tuisfakulteit of -sentrum. Selfs indien 'n student siek word terwyl hy/sy 'n assessering aflê, sal die assessering gemerk word en die punt gebruik word in die berekening van FMp. Daarom word studente wat net voor die A2-assessering in 'n module siek word, aangeraai om dit sterk te oorweeg om eerder die A3-assessering in die module af te lê, indien dit beskikbaar is.
- 5.1.2 Studente word sterk aangemoedig om A1- en A2-assesserings af te lê indien die module dit aanbied, om die volgende redes:
- 5.1.2.1 A1-assesserings is van groot formatiewe waarde, soos die terugvoer wat studente oor hulle bemeestering van die werk van die vorige kwartaal ontvang voordat hulle daardie kennis in die volgende kwartaal moet toepas.
- 5.1.2.2 Studente verbeur 'n aanvullende assessering indien hulle nie die A1- of A2-assessering aflê nie, en dus sal hierdie studente die module sak indien hulle byvoorbeeld gedurende A3 siek is.
- 5.1.2.3 Studente het weinig om te verloor (en veel om te wen) deur 'n A1-assessering af te lê, want 'n lae A1-punt verhinder nie toegang tot A3 indien 'n student nie ná A2 slaag nie.
- 5.1.3 Finalejaarstudente wat om watter rede ook al gedurende die A3-tydperk in November 'n assesseringsgeleentheid in 'n module benut, kan nie by die gradeplegtighede in Desember van daardie jaar 'n kwalifikasie ontvang waarvoor die bepaalde module vereis word nie. Die vroegste wat die student die kwalifikasie kan ontvang, is Maart of April die volgende jaar.
- 5.1.4 Studente wat nie 'n assesseringsgeleentheid benut nie, behoort daarop te let dat geen assesseringsgeleentheid ter vervanging van enige normale assessering in daardie module (bv. A1, A2, A3, A4 of DVA) voorsien sal word nie, ongeag die student se omstandighede. Die US-assesseringsreëls bepaal dat selfs indien 'n student weens omstandighede buite sy/haar beheer (bv. mediese redes, godsdienstige oorwegings, ongelukke, internasionale

sportbyeenkomste, ensovoorts) nie 'n assessering kon aflê nie, die student nie bykomende assesseringsgeleenthede sal ontvang ter vervanging van die geleentheid wat hy/sy misgeloop het nie.

- 5.1.5 Alle studente wat vir 'n module geregistreer is, het toegang tot die A1-assessering vir daardie module, indien die module so 'n assesseringsgeleentheid aanbied.
- 5.1.6 Alle studente wat vir 'n module geregistreer is, het toegang tot die A2- en A3-assessering vir daardie module, indien die module so 'n assesseringsgeleentheid aanbied, onderworpe aan die volgende verdere bepalings:
 - 5.1.6.1 Studente kan toegang tot die assesserings in die A2- en A3-tydperke geweier word indien hulle nie kon aantoon dat 'n bepaalde uitkoms wat in die moduleraamwerk as 'n subminimum of slaagvereiste aangedui word, bereik is nie, en daar nie in die betrokke assessering afdoende bewys van daardie uitkoms gelewer kan word nie. 'n Voorbeeld van so 'n geval is waar 'n uitkoms in 'n praktiese komponent gedurende die AF-tydperk geassesseer is.
 - 5.1.6.2 Studente wat 'n module ná die A2-assessering slaag, sal nie toegang tot die A3-assessering ontvang nie, behalwe vir modules en spesifieke studente soos gelys in Bylae A se Afdeling 6.??? Studente wat 'n module ná die A2-assessering slaag, maar die A3-assessering van die module wil gebruik om hulle punte te verbeter en toegang tot A3 verleen is, moet 'n kennisgewing van voorneme op SUNStudent indien, soos wat die US-assesseringsreëls beskryf (let ook op die spertye wat daar vasgestel word). Finalejaarstudente behoort ook te let op bogenoemde implikasies vir graduering indien hulle 'n A3-assessering in die tweede semester aflê.
 - 5.1.6.3 Studente kan toegang tot die A3-assessering geweier word indien daardie assessering nie daartoe kan lei dat die student die module slaag nie (bv. as die bydrae van AF tot die FM groot is en die student se AF-punt laag is, soos in 'n projekte module).
- 5.1.7 Studente wat toegang ontvang tot die A2-assessering in 'n module wat ook 'n A3-assessering aanbied, kan kies om die A2-assessering te laat verbygaan en slegs die A3-assessering af te lê, tensy die module 'n A1-assessering aanbied en die student nie van daardie assesseringsgeleentheid gebruik gemaak het nie. Finalejaarstudente behoort ook te let op bogenoemde implikasies vir graduering indien hulle 'n A3-assessering in die tweede semester aflê.
- 5.1.8 Verwys asseblief na Afdeling 10.2 vir gevalle waar die A2-, A3- en/of A4-assessering in 'n module bestaan uit meer as een vraestel in meer as een assesseringsroostergleuf.

6. BESPREKING VAN NAGESIENE ANTWOORDSKRIFTE MET PERSONEEL

6.1 Verwante bepalings in die US-assesseringsreëls

- 6.1.1 Indien studente uit hulle foute wil leer, staan dit hulle vry om hulle nagesiene A2- en A3-antwoordskrifte te besigtig en met die betrokke dosent te bespreek, onderworpe aan die volgende bepalings:
- 6.1.1.1 Die geleentheid om nagesiene antwoordskrifte met die betrokke dosent(e) te bespreek, is nie 'n geleentheid vir die herevaluering van die assessering nie.
- 6.1.1.2 Studente mag slegs in die teenwoordigheid van die betrokke dosent, of iemand anders wat deur die voorsitter, hoof of direkteur van die tuisdepartement of -sentrum goedgekeur is, hulle nagesiene antwoordskrifte besigtig.
- 6.1.1.3 Die besigtiging en bespreking van sodanige nagesiene antwoordskrifte kan slegs plaasvind ná die laaste dag wat vir die inlewering van finale punte bepaal is, en met behoorlike inagneming van enige verdere reëlins wat die betrokke departement of sentrum met die goedkeuring van die toepaslike fakulteitsraad of sentrumbestuurstruktuur getref het. Nietemin kan sodanige besigtiging en bespreking van nagesiene antwoordskrifte vroeër plaasvind indien die betrokke assesseringsreëls bepalings met dié strekking insluit. (Bylae B by hierdie dokument bevat die modules en omstandighede waarin die Fakulteit vroeër besigtiging toelaat.)
- 6.1.1.4 Enige versoek vir so 'n bespreking moet gerig word binne 'n maand ná die laaste dag wat vir die inlewering van finale punte bepaal is, en volgens enige verdere reëlins wat die betrokke departement of sentrum met die goedkeuring van die toepaslike fakulteitsraad of sentrumbestuurstruktuur getref het. Verwys asseblief na Afdeling 6.2 vir daardie bepalings
- 6.1.2 Studente wat 'n A2-assessering afgelê het en oor toegang tot die daaropvolgende A3-assessering beskik, sal voor die A3-tydperk toegelaat word om die A2-assesseringsvraestel met die dosent te bespreek.

6.2 Verwante fakulteit-spesifieke bepalings

- 6.2.1 Studente moet die dosent teen die Woensdag van die eerste week van die semester in kennis stel van sy/haar voorneme om sy/haar gemerkte A2- of A3-antwoordstel van die vorige semester te sien.

- 6.2.2 Een middag in die tydperk vanaf die eerste tot die tweede Woensdag van die semester (beide Woensdae ingesluit), kan aangewys en aangekondig word op SUNLearn (of 'n soortgelyke manier) vir studente om hul gemerkte A2- en A3-antwoordstelle van die vorige semester te sien.
- 6.2.3 'n Vraestel moet beskikbaar wees vir studente om te raadpleeg wanneer hulle hul gemerkte A2- of A3-antwoordstel besigtig. Geen voorbeeld-antwoorde word vir die assesserings verskaf nie.
- 6.2.4 Elke student mag slegs sy/haar eie gemerkte antwoordstel sien.
- 6.2.5 Studente word nie toegelaat om hul gemerkte antwoordstelle of die vraestel af te neem wanneer hulle hul gemerkte antwoorde bekyk nie.
- 6.2.6 Studente mag spesifieke vrae oor hul gemerkte antwoordstelle vra om 'n idee te kry van waar hulle verkeerd geloop het, maar dosente mag nie die puntetoekenning bespreek nie.
- 6.2.7 Besprekings waarna in 6.1.2 verwys word, sal slegs die A2-assessering se vraestel oorweeg (nie individuele antwoordstelle nie). Die dosent besluit oor die formaat van die bespreking, wat 'n besprekingsklas kan wees en aanlyn gefasiliteer kan word.

7. INLIGTING OP SUNLEARN EN IN MODULERAAMWERKE

Soos wat die US-assesseringsreëls vereis:

- 7.1.1 Die Fakulteit se assesseringsreglement moet maklik toeganklik wees vir studente en personeel wat daardeur geraak word, bv. deur dit op SUNLearn te plaas.
- 7.1.2 Die wyse waarop die toepaslike assesseringsreëls in elke module toegepas sal word, moet aan die begin van die betrokke semester of jaar deur middel van die moduleraamwerk of studiegids aan studente bekend gemaak word. Hierdie inligting sluit in:
 - 7.1.2.1 watter subminimums in die module toegepas sal word, indien van toepassing;
 - 7.1.2.2 hoe die finale punte bepaal sal word, indien die module finale punte toeken, of, in geval van 'n behoorlik voltooide module, wat van studente vereis sal word om te slaag;
 - 7.1.2.3 watter assesseringstydperke gebruik sal word; en
 - 7.1.2.4 watter assesserings verpligtend is.

Verdere, fakulteitspesifieke inligting oor die bepaling van finale punte wat in die moduleraamwerk moet verskyn:

- 7.1.3 Die assesseringsgeleentheid wat tot die AF-/AFS1-/AFS2-punte sal bydra, en hoe die punte van die individuele assesseringsgeleentheid saamgevoeg sal word.
- 7.1.4 Of meer as een assesseringsgeleentheid vir onderskeidelik A1/A1S1/A1S2 aangebied sal word, en, in geval van verskeie geleenthede, hoe die punte saamgevoeg sal word.
- 7.1.5 Die gewig wat aan die onderskeie komponente van die finale punt toegeken sal word.
- 7.1.6 Of Opsie 1 (alle assesserings afgelê, word gebruik) of Opsie 2 (AF word altyd gebruik en die beste toelaatbare kombinasie van A1, A2 en A3) toegepas gaan word in die betrokke module.
- 7.1.7 In geval van 'n semestermodule, of dit binne een kwartaal voltooi sal word, en, indien wel, watter kwartaal.
- 7.1.8 Die afwykings, indien enige, van die Fakulteit se gewone assesseringsreëls, wat in bylae B by hierdie reglement verskyn.

8. NORMALE VOORVEREISTE, SLAAGVOORVEREISTE EN NEWEVEREISTE MODULES

Tensy daar uitdruklik anders aangedui word, kom die bepalings van hierdie afdeling uit die US-assesseringsreëls.

8.1 Slaagvoorvereiste module

- 8.1.1 'n Slaagvoorvereiste module is 'n module wat studente moet slaag voordat hulle mag voortgaan met die module(s) waarvoor hierdie module 'n slaagvoorvereiste is.

8.2 Voorvereiste module

- 8.2.1 'n Voorvereiste module is 'n module waarin studente 'n finale punt van minstens 40 moet behaal voordat hulle mag voortgaan met die module(s) waarvoor hierdie module 'n voorvereiste is. Studente wat ingevolge die "eksamineringstelsel" vir 'n voorvereiste module geregistreer het, moet egter 'n klaspunt van 40 behaal om aan die voorvereiste te voldoen.
- 8.2.2 Studente moet alle modules slaag wat hulle gebruik het om aan voorverestes in hulle program te voldoen voordat hulle daarvoor in

aanmerking sal kom om die betrokke graad, sertifikaat of diploma te verwerf.

- 8.2.3 Indien studente eenmaal aan 'n voorvereistereël vir 'n module van hierdie Fakulteit voldoen het, geld daardie voldoening vir drie jaar, selfs al herhaal die student die voorvereiste module en behaal nié weer die minimum vlak nie. Ter opklaring, indien 'n student dus in jaar n 'n finale punt van minstens 40 behaal, voldoen dít aan die ooreenstemmende voorvereistereëls in jaar n, n+1, n+2 en n+3.

8.3 Newevereiste module

- 8.3.1 'n Newevereiste module is 'n module waarvoor studente moet registreer in 'n vroeër óf dieselfde semester as die module waarvoor dit 'n newevereiste is.
- 8.3.2 Studente moet alle modules slaag wat hulle gebruik het om aan voorvereistes in hulle program te voldoen voordat hulle daarvoor in aanmerking sal kom om die betrokke graad, sertifikaat of diploma te verwerf.

9. DEKAANSVERGUNNINGSSASSESSERINGS

Hierdie afdeling bied die fakulteitspesifieke bepalings met betrekking tot dekaansvergunningssassesserings (DVA's), wat in samehang met die reëls in dié verband in die US-assesseringsreëls gelees moet word.

- 9.1.1 Indien 'n finalejaarstudent, na sy/haar laaste normaal-geskeduleerde A2 en A3, slegs een module uitstaande het om sy/haar graad toegeken te word en gedurende die finale jaar 'n finale punt vir die betrokke module toegeken is, kan hy/sy aansoek doen (deur die Fakulteitsadministrateur) vir 'n DVA in die betrokke module.
- 9.1.2 Geen DVA sal toegelaat word vir enige module waar 'n A4-assessering aangebied is nie.
- 9.1.3 Al die DVAs in die Fakulteit word gewoonlik op die Vrydag van die tweede week voor die aanvang van die eerste semester geskryf.
- 9.1.4 Studente word slegs tot 'n DVA toegelaat indien hulle, om 'n module te slaag, aspekte in die module vereis wat in 'n skriftelike of mondelinge assessering gedek kan word. Indien 'n student byvoorbeeld nie verpligte praktika voltooi het nie of nie aan 'n groepwerksubminimum voldoen het nie, sal hulle nie die module met 'n DVA kan slaag nie. Finalejaarprojekte kom nie in aanmerking vir DVAs nie.
- 9.1.5 Om die betrokke module te slaag, moet 'n student steeds al die ECSA GAs behaal wat in die module geassesseer word.

- 9.1.6 Om 'n module deur 'n DVA te slaag waar die DVA se aard soortgelyk is aan A3 (in buitengewone omstandighede word ander tipe assesserings toegelaat en dan is hierdie afdeling nie van toepassing nie), moet die student gedurende die betrokke akademiese jaar 'n punt van 40 behaal het in A2, A3 of die DVA, asook voldoen aan een van die volgende twee voorwaardes:
- 9.1.6.1 Die student se finale punt voor die DVA was 40 of meer, en 50 of meer is in die DVA behaal;
- 9.1.6.2 Die student se finale punt voor die DVA was minder as 40 en 'n nuwe finale punt van 50 of meer is behaal, waar die nuwe finale punt bereken is deur gebruik te maak van die toepaslike gewigsformule (om die semesterpunt en twee assesserings te kombineer) waar die DVA-punt saam met die beste van die vorige hoofassesserings gebruik is.
- 9.1.7 DVAs word normaalweg nie vir projek- of werksopdrag-assesserings oorweeg nie.
- 9.1.8 Die nuwe finale punt na die DVA mag nie 50 oorskry nie. Indien 'n student nie die module na die DVA slaag nie, bly sy/haar finale punt onveranderd.
- 9.1.9 Alle DVAs is onderhewig aan interne moderering, in ooreenstemming met die Universiteitsbeleid. Die assessering van enige ECSA GAs in 'n DVA moet ekstern gemodereer word. Indien die DVA 'n assessering vervang wat ekstern gemodereer is, moet die DVA se vraestel ook ekstern gemodereer word voor die DVA en die antwoordstelle daarna.
- 9.1.10 Die duur en karakter van die DVA moet soortgelyk wees aan 'n A3. Alternatiewelik, indien die betrokke dosente dit verkies, kan die DVA die vorm van 'n mondelinge assessering aanneem. Ten minste twee dosente (gewoonlik die eksaminator en interne moderator) moet by die mondelinge assessering teenwoordig wees. Indien die assessering onderhewig is aan eksterne moderering, moet die ekstern ook die mondelinge waarneem (dit kan hibried wees, insluitend telefonies, aanlyn of deur middel van 'n opname) en sy/haar ondersteuning vir die uitslag skriftelik of per e-pos bevestig.

10. ANDER FAKULTEITSPESIFIEKE EN VERWANTE US REËLS

10.1 Die maksimum tydsduur vir assesserings

- 10.1.1 Die normale maksimum tydsduur vir A1-, A2-, A3-, A4-assesserings en DVAs, sonder voorsiening vir ekstra skryftydvergunnings, is soos volg:

- 10.1.1.1 A1-assesserings in modules van 12, 15 of 16 krediete: 2 uur
- 10.1.1.2 A1-assesserings in modules van 8 krediete: 1½ uur
- 10.1.1.3 A2-, A3-, A4-assesserings en DVAs in modules van 15 of 16 krediete: 3 uur
- 10.1.1.4 A2-, A3-, A4-assesserings en DVAs in modules van 8 krediete: 2 uur
- 10.1.2 In die Fakulteit Ingenieurswese is “bo die boonste” limiete die verstektydperke vir modules waar die AF-punt 20% of minder tot die FM bydra. Indien AF se bydrae groter is, kan die tydsduur van A1, A2 en A3 tussen 1,5 en 3 uur per assessering wissel, afhangend van die aard van die module en onderhewig aan die beginsels wat in Afdeling 1.3 gegee word.
- 10.1.3 'n Lys uitsonderings op bogenoemde reëls verskyn in bylae B.

10.2 A2-, A3- en A4-assesserings wat uit meer as een assesseringssessie bestaan

- 10.2.1 Die Fakulteit pas die volgende verstekreël uit die US-assesseringsreëls toe: Ingeval die A2-assessering in 'n module uit meer as een assesseringsvraestel bestaan wat in meer as een assesseringsroostergleuf in die A2-tydperk afgelê word, behoort alle vraestelle in dieselfde assesseringsronde afgelê te word om 'n A2-punt te ontvang. So nie, verval die punte vir die vraestelle wat wél afgelê is.
- 10.2.2 'n Soortgelyke vereiste is van toepassing op A3- en A4-assesserings wat uit meer as een assesseringsvraestel bestaan.

10.3 Vaslegging en bekendmaking van punte

- 10.3.1 Die US-assesseringsreëls bepaal dat SUNStudent studente toegang bied tot hulle eie finale punte, hulle punte vir A1, AF, A2, A3, A4, DVA en MTD, sowel as die ooreenstemmende punte vir jaarmodules. Departemente behoort nie hierdie punte op enige ander manier aan studente bekend te maak nie, onder meer om die moontlikheid van teenstrydige inligting uit te skakel.
- 10.3.2 Die US-assesseringsreëls bepaal dat departemente wat modules aanbied die volgende op SUNStudent moet vaslê vir alle studente wat vir die module geregistreer is, indien dit op die module van toepassing is: FMs, sowel as punte vir A1, AF, A2, A3, A4, DVA en MTD, en die ooreenstemmende punte vir jaarmodules. Waar SUNStudent egter die FMs en MTD-punte kan bereken, hoef departemente slegs die ooreenstemmende punte vir studente op

SUNStudent vas te lê indien daar van SUNStudent se berekening afgewyk moet word.

- 10.3.3 Die punte vir assesserings wat tot AF en A1 bydra (slegs indien verskeie assesserings tot A1 bydra), en die ooreenstemmende punte vir jaarmodules, moet op SUNLearn aan studente bekend gemaak word. Die US-assesseringsreëls bepaal dat, waar dit redelikerwys uitvoerbaar is, elke student se punte slegs aan daardie student bekend gemaak moet word. So nie, moet puntelyste waar alle studente mekaar se punte kan sien, studente slegs aan hulle studentennommers identifiseer, en nie hulle name of vanne noem nie.
- 10.3.4 Verwys asseblief na die US-assesseringsreëls se afdeling oor vaslegging van resultate vir die betrokke keerdatums.
- 10.3.5 Let asseblief op die spesifieke bepalings ten opsigte van honneurs-, nagraadse diploma- en magisterprogramme in die US-assesseringsreëls.

10.4 Bewaring van nagesiene antwoordskrifte

- 10.4.1 Dosente behoort nagesiene A2-, A3-, A4- en DVA-antwoordskrifte te bewaar vir ten minste een semester nadat die assesserings afgelê is. Let daarop dat, in die Fakulteit Ingenieurswese, ECSA akkreditasievereistes kan bepaal dat nagesiene antwoordskrifte vir langer bewaar word. Die nagesiene antwoordskrifte van ander assesserings word gewoonlik aan studente terugbesorg.

10.5 Kopiereg op vraestelle

- 10.5.1 Alle vraestelle vir summatiewe assesserings moet gewoonlik die volgende verklaring in die voetskrif op die voorblad insluit (met die huidige jaar ingevoeg):

Kopiereg © 2023 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

10.6 Asseseringsgeleenthede wat bydra tot AF

Verdere assesseringsgeleenthede word ad hoc geskeduleer, soos vereis deur die aard van die module (bv. praktika, werkopdragte en tutoriaaltoetse). Hierdie assesserings word gebruik om AF te bepaal en moet, waar moontlik, tydens die module se kontakperiodes gedoen word. Die samestelling van AF moet aan die begin van die semester in die moduleraamwerk bekend gemaak word, asook enige vereistes vir toegang tot die assesserings wat tot AF bydra. Die uitslae van die eerste assessering wat in die AF ingesluit is, moet binne die eerste vyf weke van die semester bekend gemaak word.

Werkopdragte en assesserings wat verband hou met tutoriale is verpligtend tensy anders vermeld in die moduleraamwerk of hierdie reëls. Om die vereistes

om mediese sertifikate of bewys van verlof wat deur die Registrateur goedgekeur is, te vermy, wanneer tipies 10 of meer sulke assesserings in 'n semestermodule gegee word, geld die volgende:

- 'n Punt van 0 sal toegeken word wanneer 'n student nie enige van hierdie assesserings doen nie en geen verskonings (hetsy vir mediese, sport of enige ander rede) sal oorweeg word nie; en
- Elke student se twee laagste punte vir hierdie assesserings sal by die berekening van die semesterpunt weggelaat word.

Voorlegging van mediese sertifikate of bewys van verlof wat deur die Registrateur goedgekeur is:

- Word normaalweg nie vereis vir formatiewe assesserings waar geen punte toegeken word nie; maar
- Mag vereis word vir assesserings gedurende die semester waar uitkomste geassesseer word wat nie in A1, A2 of A3 geassesseer word nie (bv. vir praktika);
- Onderhewig daaraan dat redelike maatreëls voorsien word vir studente wat nie kan bekostig om mediese sertifikate te bekom nie.

10.7 Spesiale assesseringsreëlings

Bylae B bevat 'n lys modules waarvoor spesiale assesseringsreëlings goedgekeur is.

10.8 Werk gedek per assessering

A1 dek vanselfsprekend die werk wat voor toetsweek behandel is. A2 dek gewoonlik die werk van die hele semester, maar met die klem op die werk wat behandel is na die toetsweek. A3 dek óf die hele semester min of meer eweredig, óf plaas groter klem op die werk wat na die toetsweek behandel is, afhangende van die aard van die module.

10.9 Moderering

Enige assessering wat 20% of meer bydra tot die FM, asook A1, A2 en A3 moet intern gemodereer word. Alle assesserings wat gebruik word om subminima te meet, moet ook intern gemodereer word. Vir eksterne moderering, verwys asb. na die Fakulteit se Reëls vir Interne en Eksterne Moderering.

10.10 ECSA Graduandi-eienskappe en ECSA Kennisareas

Die Ingenieursraad van Suid-Afrika (*Engineering Council of South Africa (ECSA)*) het voorheen die term Uittreevlak-uitkomste (*Exit Level Outcomes (ELOs)*)

gebruik, na wat nou verwys word as Graduandi-eienskappe (*Graduate Attributes (GAs)*).

10.10.1 GA assesseringswerkswinkels

Voor die begin van elke semester sal daar 'n werkswinkel in die Fakulteit aangebied word oor die assessering van GAs. Dosente wat betrokke is by die assessering van GAs word versoek om hierdie werkswinkel by te woon, sodat konsekwente kwaliteit vir GA assesserings ontwikkel kan word.

10.10.2 Algemene subminima en finale punt maksima geassosieer met GAs

'n Subminimum punt van 50 word vereis vir alle assesseringselemente (relevante vrae in 'n assessering, projek of opdrag) waar die bevrediging van ECSA GAs finaal getoets word (vir die betrokke module). Subminima kan vereis word in spesifieke assesserings wat kritiese kennisareas toets, soos vereis deur ECSA. 'n Finale punt van 45 of minder sal toegeken word aan 'n student indien ECSA GAs in die module geassesseer word en die student nie aan een of meer ECSA GA voldoen nie.

10.10.3 Moderering van GA assesserings

Volgens die Fakulteit se Reëls vir Interne en Eksterne Moderering moet alle assesserings van ECSA GAs ekstern gemodereer word. In die geval van Buigsame Assessering beteken dit dat, tensy die betrokke assessering gedurende die semester ook ekstern gemodereer word, ECSA GAs normaalweg slegs in die tweede (2^{de}) en derde (3^{de}) hoofassesseringsgeleentheid getoets sal word.

10.10.4 GA assesseringsrubrieke

Konvensionele rubrieke of vereenvoudigde rubrieke (soos onder uiteengesit) moet normaalweg gebruik word om die bevrediging van GAs te bepaal, met die volgende bepalings:

- a) Beide tipes van die rubriek moet tipies vir ten minste vier vlakke van bevrediging van 'n uitkoms voorsiening maak:
 - versuim om die uitkoms te bevredig
 - marginaal versuim om die uitkoms te bevredig
 - bevredig die uitkoms marginaal
 - bevredig die uitkoms

- b) 'n Puntetala kan by die rubriek ingesluit word (maar dit word nie vereis nie) met 'n punt van minder as 50% wat verband hou met enige vlak wat nie aan die GA voldoen nie.
- c) 'n Konvensionele rubriek moet die prestasie beskryf wat met elk van die prestasievlakke geassosieer word.
- d) 'n Vereenvoudigde rubriek moet die volgende struktuur gebruik:

<p>G_{Axx}: Die student moet wys hy/sy kan, op die vlak wat van 'n onlangs afgestudeerde student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • ... • ... • ... 			
Student voldoen nie aan die bogenoemde kriteria, as geheel geneem, nie.		Student voldoen aan bogenoemde kriteria, as geheel geneem.	
Bevredig nie (F)*	Marginaal nie bevredig nie (FM)*	Bevredig marginaal (PM)*	Bevredig (P)*
Merk die toepaslike blokkie op die rubriek wat aan die antwoordstel geheg is of maak die toepaslike nota op die antwoordstel			

- e) Indien meer as een GA geassesseer word in 'n spesifieke assessering:
- Die rubriek moet aparte beskrywings lys vir elke GA hê.
 - Indien punte met die rubriek geassosieer word, kan die gewig van die GAs verskil om die gepaste klem in die betrokke module aan te dui. Hierdie mag gekombineer word om te finale punt te bepaal.
 - Soos hierbo aangedui, indien 'n student nie aan enige van die GAs wat in 'n module geassesseer word, voldoen nie, moet die student se finale punt vir die module 45 of minder wees, na behoorlike oorweging van die volgende paragraaf.
- f) Indien 'n nasienksedule wat vir 'n assessering gebruik word, nou bely is met die assesseringskriteria vir 'n GA, kan die punt wat deur die nasienksedule bepaal word, gebruik word as 'n benaderde aanduiding of 'n student 'n spesifieke GA bevredig het. Wanneer 'n student se punt onder 55% en bo 45% is, moet die eksaminatore en moderators saam besluit of

die GA marginaal bevredig is of nie. Die student se punt wat deur die nasienskedule bepaal word, moet aangepas word, indien nodig, sodat 'n punt van 50 of meer slegs toegeken word indien die GA bevredig is.

10.10.5 GAs wat in verskeie assesseringsgeleenthede binne 'n enkele module geassesseer word

Indien 'n module 'n spesifieke GA in meer as een assesseringsgeleentheid¹ assesseer, moet die moduleraamwerk spesifiseer hoe die verskillende geleenthede gekombineer gaan word om te bepaal of 'n student die GA bevredig. 'n Algemene beginsel wat hier toegepas kan word, is dat 'n student meer as een assesseringsgeleentheid in 'n module gegee moet word om 'n GA te bevredig. Tipiese alternatiewe benaderings kan wees:

- Elke student moet die GA in spesifieke assesseringsgeleenthede bevredig vir daardie GA, tot (en moontlik insluitend) A2. Indien 'n student nie die GA bevredig het na voltooiing van A2 nie, maar andersins die module sou slaag, moet die student die kans kry om die GA in A3 te bevredig.
- Elke student moet demonstreer dat hy die GA bevredig in veelvuldige assesseringsgeleenthede, met inagneming van die kombinasie van assesserings as 'n geheel. Indien die student na elke assesseringsgeleentheid terugvoer oor sy/haar prestasie ontvang het en in die latere assesseringsgeleenthede kon verbeter, hoef die student nie 'n geleentheid gegun te word om die GA in A3 te bevredig nie.

Indien A3 enige GAs assesseer, dan sal alle GA assesserings in A3 alle vorige assesserings vir daardie GAs in daardie module tersyde stel, behalwe indien die module raamwerk spesifiek 'n ander reëling stipuleer. Byvoorbeeld, indien 'n student in A1 'n gegewe GA bevredig het, maar nie in A3 waar dieselfde GA geassesseer word nie, word dit geag dat die student nie die GA bevredig het nie.

10.10.6 GA assessering rekordhouding

- a) Die Fakulteit se standaard templaot vir 'n moduleraamwerk sluit 'n afdeling in waar die assessering van die GA in detail gegee word. In hierdie gedeelte, onder die vraag "Wat is Bevredigende Prestasie", moet daar net verwys word na die konvensionele of vereenvoudigde rubriek. Die rubriek waarna verwys word moet deel vorm van die moduleraamwerk. Om te voorkom dat teenstrydige inligting gegee word, mag die inligting in die rubriek nie verander word nie, en ook nie herhaal word in die afdeling waar die GA assesserings opgesom word nie. In die self-studie verslag wat vir akkreditasiebesoeke voorberei word, moet die gebruiklike tabel waar die GA-assesserings opgesom word, die ooreenstemmende afdeling van die

¹ Let daarop dat elkeen van die assesseringsgeleenthede ekstern gemodereer moet word.

moduleraamwerk dupliseer, met verwysing na die rubrieke. Die rubrieke moet by die tabel aangeheg word.

- b) Rekord moet gehou word wat toon dat elke student individueel deur die eksaminator(e) geassesseer is. Hierdie rekords sal tipies die assesseringsrubrieke wees wat vir elke student voltooi is of 'n GA-assesseringspunt wat op die voorblad van die betrokke assessering geskryf is.
- c) Rekord moet gehou word wat toon dat die moderators 'n gestratifiseerde steekproef beoordeel het soos voorgeskryf in die Fakulteit se Modereringsreëls, met besondere aandag aan studente naby die drempel van aanvaarding. Hierdie rekords kan tipies die moderator se opmerkings wees wat op 'n punteblad aangeteken is of in groen pen op die voorblad van die studente se assesserings geskryf is.
- d) Die GA-assesseringsuitslag moet in die module se puntestaat/-tabel vir elke student vir elke GA afsonderlik aangeteken word. Die rekord moet die moderators in staat stel om te bepaal watter studente naby die drempel van bevrediging vir elke GA is. Indien die vereenvoudigde rubriek vir die GA-assessering gebruik word, kan die afkortings wat hierbo gegee word (F, FM, PM, P) in die puntestaat ingevoer word.
- e) In situasies waar 'n vroeëre bevredig/nie-bevredig besluit omgekeer word, moet die motivering vir die omkering op die puntestaat of met die betrokke student se rubriek aangeteken word. Voorbeelde van hierdie situasies is in finalejaarprojekte waar 'n voorlopige GA-assessering na 'n mondelinge eksamen verander kan word, of waar 'n interne/eksterne moderator se besluit verskil van dié wat deur die eksaminator aangeteken is.
- f) Vir akkreditasie doeleindes moet die assesseringsproduk (bv. antwoordstel of verslag) wat die GA-assesseringsbesluit staaf, beskikbaar bly. Indien 'n finalejaarprojek, gebaseer op die verslag alleen, 'n GA-assessering sou gedruip het, maar op grond van 'n mondelinge aanbieding geslaag het, moet daar van die student verwag word om 'n addendum te skryf wat die belangrike elemente van die mondelinge aanbieding opsom of die verslag te hersien.

10.11 Subminima en geleentede om te verbeter

Subminima kan vereis word vir sekere aspekte van 'n module se assesserings (gewoonlik summatiewe assesserings) om die module te slaag, in ooreenstemming met die beginsels van Afdeling 2. Tipiese motiverings vir subminima is:

- Die bevredigende voorbereiding vir en bywoning van 'n laboratoriumprakties;

- Die bevrediging van 'n ECSA GA;
- Voldoening aan 'n sekere drempelwaarde eweknie-evaluering in spanwerk;
- Om 'n gesamentlike punt van minstens 40 in die assesserings van 'n beduidende deel van 'n module te behaal, om te verseker dat studente oor die nodige kennis beskik vir modules wat daarop volg.

Indien 'n student nie aan enige subminimum in 'n module voldoen het nie, moet 'n finale punt van 45 of minder aan die student toegeken word, behalwe in die volgende gevalle: Indien 'n 40-punt vasgestel is ter wille van kennis wat vir verdere modules vereis word (die vierde kolpunt hierbo), kan die finale punte vir studente wat nie aan die subminimum voldoen het nie tot 35 of minder beperk word. Die toepassing van die subminima in laasgenoemde geval is onderhewig aan die goedkeuring van die departementele voorsitter van die module se tuisdepartement.

Indien voldoening aan 'n subminimum deur slegs een assessering bepaal word (hier genoem die "oorspronklike assessering"), moet die studente wat nie aan die subminimum voldoen het nie, maar andersins die module geslaag het, 'n addisionele assesseringsgeleentheid gegun word om die subminimum te behaal, behalwe vir die gevalle hieronder genoem. Die addisionele assesseringsgeleentheid hoef nie dieselfde formaat as die oorspronklike assessering aan te neem nie en kan die vorm van 'n mondelinge eksamen, toets of werkopdrag aanneem, volgens die voorreg van die dosent verantwoordelik vir die module. Indien 'n student die addisionele assesseringsgeleentheid wat aangebied word om 'n subminimum te bevredig, mis (om watter rede ook al, hetsy dit siekte of 'n ander geldige rede is), dan het die student nie die reg op enige verdere addisionele assesseringsgeleentheid nie.

'n Student het geen reg op bykomende assesseringsgeleentheid in die volgende gevalle nie: finalejaarprojekte, ontwerpprojekte wat meer as 5 krediete se werk verteenwoordig, laboratoriumprakties, groepprojekte, eweknie-evaluering in spanwerk en assesserings (tipies werkopdragte) wat oor 'n tydperk van drie of meer weke gedoen kan word.

Die resultate behaal in die voorafgenoemde addisionele assesseringsgeleentheid word gewoonlik nie in ag geneem in die berekening van die finale punt nie, behalwe om die subminimum te bevredig.

Indien die oorspronklike assessering aan eksterne moderering onderhewig was, moet die bykomende assessering ook ekstern gemodereer word. Die bykomende assessering moet altyd intern gemodereer word. Indien die betrokke subminimum vir 'n ECSA GA gestel is, moet die eksterne moderator die assessering van elke student wat die module slaag nadat hy verbeter het, modereer en die resultate skriftelik bevestig.

Die subminima wat in 'n module toegepas gaan word en wat bevredigende prestasie uitmaak, asook die geleentheid vir verbetering wat gegee sal word, moet in die betrokke modulaamwerk verduidelik word en aan die begin van die semester aan die studente beskikbaar gestel word.

10.12 Mondelinge eksamens

Mondelinge eksamens mag slegs gebruik word wanneer dit in ooreenstemming is met die beginsels gegee in Afdeling 2. Ten minste twee dosente moet teenwoordig wees (normaalweg die eksaminator en die interne moderator) in alle mondelinge eksamens. Indien die spesifieke assessering onderhewig is aan eksterne moderering, dan moet die eksterne moderator dieselfde geleentheid gegee word om die assesserings te modereer wat hy/sy sou gehad het indien die assessering in geskrewe formaat was.

10.13 Assesserings van groep- of spanwerk

Die ontwikkeling van studente se vermoë om in spanne te werk is 'n belangrike deel van die Fakulteit se voorgraadse programme. Daar is ook verwante ECSA GAs wat elke student moet demonstreer. Aangesien 'n individuele student se punt deur 'n span se werk beïnvloed word, word die maatstawwe in hierdie afdeling normaalweg toegepas. Uitsonderings op hierdie maatreëls moet in oorleg met die Departementele Voorsitter besluit word.

Hierdie afdeling is nie van toepassing op assesserings waarin studente in spanne werk nie, maar steeds individuele assesseringsprodukte lewer (byvoorbeeld waar studente saamwerk in laboratoriumprakties, maar elke student sy/haar eie praktiese verslag saamstel).

10.13.1 Samestelling van 'n span

Wanneer die samestelling van die span deel van die assessering uitmaak (byvoorbeeld wanneer multidisiplinêre spanwerk geassesseer word) dan moet die samestelling deur die module se dosent gedoen word. In ander gevalle kan die dosent, na eie goeddunke, self spanne toewys of die studente toelaat om hul eie spanne te vorm.

Onafhanklik van hoe die spantoekenning gedoen is, behou die dosent die reg voor om die spantoekenning te verander, onder andere om voorsiening te maak vir studente wat die module staak of vir die module registreer nadat die spantoekenning gedoen is.

Die dosent kan in oorleg met die module se interne moderator en/of Departementele Voorsitter in die loop van die opdrag waarin die span werk, 'n student uit 'n span onttrek omdat die student nie redelikerwys tot die span se werk en funksionering bydra nie. So 'n onttrekking sal normaalweg oorweeg word nadat die student minstens een keer gewaarsku is en die geleentheid

gebied is om te verbeter. Die onttrekking kan daartoe lei dat die student nie die betrokke opdrag kan voltooi nie en die module druip.

10.13.2 Veranderlike spangroottes

Indien die spanne in 'n module nie almal ewe groot is nie (byvoorbeeld weens die laat registrasie of staking van spanlede, of omdat die aantal studente in die module nie deur die spangrootte deelbaar is nie), moet die dosent die werkslading per student heroorweeg vir daardie groepe en, waar nodig, toegewings maak aan die betrokke spanne in terme van die opdrag of assesseringskriteria. Voorbeelde van toegewings is om die omvang van die spanne se werk of die vlak van detail wat in sekere dele van die opdrag vereis word, te verminder.

10.13.3 Pligte en verantwoordelikhede van studente

Verwys asb. na die betrokke afdeling in die Fakulteit se “Algemene Bepalings vir Voorgraadse Modules”.

10.13.4 Eweknie-evaluering

Modules waar meer as 25% van die finale punt bepaal word deur assesserings wat in spanne gedoen word, of waar ECSA GAs deur spanwerk geassesseer word, moet die spanlede almal die geleentheid gebied word om die bydrae van alle spanlede (hulle ingesluit), deur middel van eweknie-evaluering te beoordeel. Die betrokke dosente kan besluit om elke student se evaluering van hom-/haarself te gebruik of te ignoreer. Die individuele spanlid se punt vir die betrokke assessering word dan bepaal deur die groep se punt vir die opdrag op 'n sinvolle wyse met die eweknie-evaluering te kombineer. As die eweknie-evaluering van elke groep byvoorbeeld genormaliseer word sodat die gemiddeld vir elke groep 100% is, dan word die groep se punt vir die assesserings vermenigvuldig met die eweknie-assesserings om die punte van die individuele studente te bepaal.

Die eweknie-evaluering moet vertroulik uitgevoer word en die punte wat een spanlid aan ander spanlede gee, moet vertroulik gehou word. Met ander woorde, die spanlede mag nie mekaar se individuele bydraes sien nie.

Die gekombineerde punt vir elke student se eweknie-evaluering, dit is die persentasie of faktor wat gebruik sal word om die student se individuele punt te bepaal, moet vroegtydig aangekondig word sodat studente die geleentheid kan kry om appèl aan te teken en die dosent(e) kan die appèl oorweeg.

Tensy 'n alternatiewe reëling deur die Fakulteitsraad goedgekeur is, moet elke span in die volgende gevalle ten minste twee toepaslike geleenthede tydens die projek vir eweknie-evaluering gegee word, sodat elke student 'n geleentheid het om te verbeter as sy/haar bydrae tot die span aanvanklik nie bevredigend was nie:

- Indien die eweknie-evaluering gebruik is om 'n GA te assesseer;
- Indien daar 'n subminimum van 45 of hoër is vir die spesifieke assesserings;
- Indien daar 'n subminimum is op die eweknie-evaluering.

Indien 'n student aanvanklik 'n swak eweknie-evaluering ontvang het, maar by daaropvolgende geleentheid beter presteer het, kan die bevrediging van die subminima (na goeddunke van die dosent) hoofsaaklik gebaseer wees op die laaste eweknie-evaluering, maar die berekening van die student se punt op alle eweknie-evalueringe.

Studente moet in die moduleraamwerk of opdrag ingelig word hoe die eweknie-evaluering in berekening gebring gaan word om 'n student se individuele punt te bepaal.

Groeplede, ook nadat hulle teen 'n eweknie-evaluering geappelleer het, mag nie besprekings met groeplede begin oor die evalueringe wat hulle aan mekaar gegee het nie.

10.13.5 Appèl teen en moderering van eweknie-evaluering

Elke student het die reg om teen sy/haar eweknie-evaluering te appelleer binne sewe dae vanaf die datum waarop die resultate van die eweknie-evaluering bekend gemaak is. Indien 'n student teen sy/haar eweknie-evaluering appelleer, sal ten minste twee dosente die span se eweknie-evalueringe modereer, soos hieronder uiteengesit.

Die dosente kan enige van die eweknie-evalueringe modereer (met of sonder 'n appèl), wat kan insluit dat hulle punte beperk tot 'n sekere reeks/omvang, dat hulle die evaluering wat spanlede hulself gegee het, verontagsaam en/of dat hulle verdere inligting van studente bekom om te besluit of 'n bepaalde student se gesamentlike punt geregverdig is. Die verkryging van verdere inligting kan insluit om die span te vra om hul eweknie-evaluasies verder te motiveer, onderhoude met spanlede (verkieslik individueel) te voer en/of om die notule van die groep se vergaderings in detail te oorweeg.

Appèlle van eweknie-evalueringe moet deur twee dosente oorweeg word. Indien appèl aangeteken is (of daaropvolgende aanpassings gemaak is of nie), of indien eweknie-evalueringe andersins tydens moderering aangepas word, moet die betrokke dosente die prosedure wat gevolg is en die oorwegings wat daartoe gelei het dat die aanpassings gemaak is (of nie gemaak is nie) aanteken, en daardie rekord moet gehou word.

10.13.6 Eksterne moderering

Indien die assesserings waarin eweknie-evaluering gebruik is, aan eksterne moderering onderhewig is, moet die volgende, benewens die inligting in die

moduleraamwerk, aan die eksterne moderator voorgelê word vir sy/haar oorweging:

- Die eweknie-evaluering wat deur die studente ingedien is.
- Die berekende eweknie-evalueringuitslag wat gebruik word om individuele studente se punte aan te pas.
- Die rekords van die hantering van enige appèlle en/of aanpassings van die eweknie-evaluasies tydens die interne modereringsproses.

10.13.7 Sperdatums vir voorleggings

Studente moet in die moduleraamwerk of die opdrag ingelig word oor die sperdatums en tye vir die span se assesseringsprodukte.

Dosente moet voorsorg tref dat sperdatums nie binne toetsweek- of resesperiodes val nie, en verkieslik ook nie binne drie dae na 'n resesperiode nie.

10.14 Verwante NGDip (Ing) en MIng (Gestruktureerd) modules

Die Ingenieursfakulteit en ander fakulteite bied by geleentheid NKR-vlak 8 (7xx) modules vir honneursprogramme en nagraadse diplomas aan, en NKR-vlak 9 (8xx) modules vir meestersgraadprogramme in modusse waar beduidende onderrig- en assesseringselemente gedeel word deur die 7xx en 8xx modules.

Die Fakulteit laat studente toe om sulke 8xx-modules in te sluit as deel van hul 180 krediete vir 'n MIng (Gestruktureerd), nadat hulle nou verwante 7xx-modules as deel van 'n NGDip (Ing) voltooi het, onderhewig aan die beperkings hieronder. Die program wat die student volg se tuisdepartement kan verdere beperkings oplê. Die beperkings hieronder is nie van toepassing op aanvullende studiemodules in MIng (Navorsing)-programme nie, aangesien die aanvullende modules nie bydra tot die 180 krediete wat vir die MIng (Navorsing) vereis word nie.

Die Fakulteitswye beperkings en reëlings is:

- a) Hoogstens 60 van die 180 krediete in die MIng (Gestruktureerd) mag sulke verwante modules insluit.
- b) Minstens 40% van die finale punt van die betrokke 8xx-module moet gebaseer wees op assesserings wat aansienlik verskil van die verwante 7xx-module. Die betrokke assesserings moet aantoonbaar op NKR-vlak 9 wees. Die assesserings kan in die formaat van hooftoetse en/of hoofopdragte wees.
- c) Voordat studente vir sulke 8xx-modules registreer, benodig hulle die toestemming van hul tuisdepartement om te bevestig dat sodanige

registrasie voldoen aan bogenoemde vereistes en enige verdere beperkings wat deur die departement opgelê word.

- d) Om krediet vir die 8xx-modules te ontvang as deel van die 180 krediete wat vir die MIng (Gestruktureerd) vereis word, word van studente vereis om vir die modules te registreer en die normale fooie daaraan verbonde te betaal, ongeag of hulle 'n verwante 7xx-module voltooi het.
- e) Studente kan aansoek doen om vrystelling van sommige van die 8xx-modules se assesserings. Na die goeddunke van die betrokke dosent kan studente sodanige vrystellings kry waar die assesserings wat in die 7xx-modules voltooi is op 'n gelykwaardige vlak was as wat in die 8xx-module vereis word. Ooreenkomstig bogenoemde vereistes kan assesserings wat hoogstens 60% van die finale punt bydra, vrygestel word.

10.15 Ekstra skryftyd

Ekstra skryftyd-toegewings sal nie in formatiewe assesserings waar daar toesig gehou word (byvoorbeeld tutoriaaltoetse) toegelaat word nie, tensy die kumulatiewe bydrae van alle formatiewe assesserings groter as of gelyk aan 20% van die finale punt is. Die beperking word gemaak ter erkenning van die beperkte uitvoerbaarheid van ekstra skryftyd-toegewings tydens tutoriaaltoetse as gevolg van beperkings op lokale, tutoriaaltyd, bykomende reëlings met betrekking tot herhalende studente, ens.

10.16 Toegewings aan herhalers

Ingevolge die afdeling "Herhaling van 'n module" in Deel 1 van die Jaarboek, in gevalle waar 'n student 'n module herhaal, kan die dosent verantwoordelik vir die module aan die student vrystelling van sekere assesserings verleen, indien die module se tuisdepartement sodanige vrystellings toelaat. Indien 'n vrystelling op hierdie basis aan 'n student toegestaan word, kan die dosent, onderhewig aan die module se tuisdepartement se beleid, een van die volgende metodes kies om die student se klaspunt, semesterpunt en/of finale punt te bepaal:

- Die punt wat die student in die betrokke assessering by 'n vorige geleentheid behaal het, word gebruik in plaas van die vrygestelde assessering.
- Die bydrae wat die betrokke assessering tot die finale punt lewer, word weggelaat en die samestelling van die finale punt word dienooreenkomstig aangepas.

Enige vrystelling wat aan 'n student verleen word, moet skriftelik (bv. op die gebruikelike vorm) aan die student gegee word.

BYLAE A MODULE-ASSESSERINGSFORMULERINGS

Modules gebruik die assesseringsformulerings vir semester- en jaarmodules, tensy dit in die lys hieronder verskyn. Uitsonderings wat hier gelys word, word deur die Programkomitee van die Fakulteit goedgekeur.

A.1 Modules met spesiale gewigstoekenings

Die volgende modules gebruik die gewone formules vir finale punte vir semester- en jaarmodules, maar mag van die gewone beperkings op gewigstoekenning afwyk.

Modulekode	Modulenaam	Gewig
36315	Gevorderde Ontwerp (Siviel) 446	$W_{AF} = 100\%$
11576	Chemiese Ingenieurswese 424; AF bestaan uit: Kleiner werkopdragte (25%), finale werkopdrag (75%). 'n Subminimum van 40% sal met die finale werkopdrag geassosieer word. Studente wat <40% vir die finale werkopdrag behaal, of FM < 50 sal die geleentheid kry om die finale werkopdrag te verbeter. Maatreëls moet ingestel word om plagiaat in die finale werkopdrag op te spoor en te voorkom. Slegs die finale werkopdrag (wat $\geq 50\%$ van die finale punt uitmaak) sal ekstern gemodereer word.	$W_{AF} = 70\%$ $W_{A1} = 30\%$ $W_{A2} = 0\%$
18481	Siviele Ingenieurswese 224; AF bestaan uit opdragte; subminimum op AF mag nie 40% oorskry nie; AF moet nagesien word deur, of omvattend gemodereer word, deur 'n dosent wat in die Fakulteit aangestel is; Maatreëls moet geïmplementeer word om plagiaat op te spoor en te voorkom in die assesserings wat die AF bepaal.	$W_{AF} = 50\%$ $W_{A1} = 10\%$ $W_{A2} = 40\%$

13362	Komplimentêre Studies 451; Module-spesifieke subminima: 40% subminimum in A1. Geen A3 word aangebied in hierdie module nie. A2 is die aanvullende assessering vir A1.	$W_{AF} = 35\%$ $W_{A1} = 65\%$ $W = 0\%$
46833	Ontwerp (E) 314; Projekgebaseerde module; AF bestaan uit demonstrasies (33.3%), toetse (33.3%), en verslae (33.3%). 'n Subminimum van 50% is van toepassing op elk van die drie komponente. AFmaks = $\min(\text{demos, toetse, verslae}) + 15\%$	$W_{AF} = 100\%$
46833	Ontwerp (E) 344; Projekgebaseerde module; AF bestaan uit demonstrasies (33.3%), toetse (33.3%), en verslae (33.3%). 'n Subminimum van 50% is van toepassing op elk van die drie komponente. AFmaks = $\min(\text{demos, toetse, verslae}) + 15\%$	$W_{AF} = 100\%$
47929	Ontwerpprojek 488; Finalejaarprojekmodule	$W_{AF} = 100\%$
39802	Elektroniese Ingenieurswese 152; Projekgebaseerde module; AF bestaan uit opdragte. Module bestaan uit vyf (5) blokke, waar elke blok 20% bydra. 'n Subminimum van 30% is van toepassing op elke blok.	$W_{AF} = 100\%$
59455	Entrepreneurskap (Ing) 444; Projekgebaseerde module; AF bestaan uit take (15%), tutoriaaltoetse (30%), klastoetse (10%), besigheidsplan (30%), VC aanbieding (15%), spanwerk (bevredigende prestasie). 'n Subminimum van 50% is van toepassing op die besigheidsplan.	$W_{AF} = 100\%$

50431	Omgewingsingenieurswese 442; Voltooi in derde kwartaal; Geen A3 word in hierdie module aangebied nie. A2 is die aanvullende assessering vir A1. Die AF bestaan uit twee aansienlike opdragte.	$W_{AF} = 40\%$ $W_{A1} = 60\%$ $W_{A2} = 0\%$
50431	Omgewingsingenieurswese 452; Voltooi in derde kwartaal; Geen A3 word in hierdie module aangebied nie. A2 is die aanvullende assessering vir A1.	$W_{AF} = 50\%$ $W_{A1} = 50\%$ $W_{A2} = 0\%$
13683	Finalejaarprojek (C) 478; Finalejaarprojekmodule	$W_{AF} = 100\%$
41726	Eindige Element Metodes 414; AF bestaan uit: 6 teorie-huiswerkopdragte (33%), 5 modelleringspraktika (33%), projek (33.3%)	$W_{AF} = 30\%$ $W_{A1} = 35\%$ $W_{A2} = 35\%$
31496	Bedryfsingenieurswese 152; Projekgebaseerde module	$W_{AF} = 100\%$
25445	Bedryfsprojek 498; Finalejaarprojekmodule	$W_{AF} = 100\%$
14213	Interkulturele Kommunikasie 113; AF bestaan uit: Lees- en begripsvaardighede (10%); huiswerkopdragte en bywoning wat verband hou met ingenieurstudievaardighede (5%); Word- en Excel-vaardighede (5%); individuele geskrewe take (10%); groepprojek wat fokus op individualisme en kollektiwisme, met eweknie-evaluering (5%); 'n individuele verslag (50%)	$W_{AF} = 85\%$ $W_{A1} = 0\%$ $W_{A2} = 15\%$
39705	Inleidende Masjienontwerp 244; AF bestaan uit 'n groot projek-komponent wat 45% tot die finale punt bydra, en ook 5% vir klaswerk.	$W_{AF} = 50\%$ $W_{A1} = 20\%$ $W_{A2} = 30\%$

39705	Inleidende Masjienontwerp 254; AF bestaan uit 'n groot projek- komponent wat 35% tot die finale punt bydra, en ook 10% vir klaswerk.	$W_{AF} = 45\%$ $W_{A1} = 25\%$ $W_{A2} = 30\%$
14212	Inleidende Stelselingeieurswese 444; A2 is die aanvullende assessering vir A1 Module-spesifieke subminima: 50% sub-minimum in P1 vir die span en 90% sub-minimum in elke eweknie-evaluering (GA 3); 50% sub-minimum in P2 (GA 5); 40% sub-minimum in A1	$W_{AF} = 65\%$ $W_{A1} = 35\%$ $W_{A2} = 0\%$
41696	Laboratorium- en Loodsstudies I D 316; Projekgebaseerde module; AF bestaan uit 'n verskeidenheid take insluitend tydsbeplanning, bewys van die begrip/verstaan van plagiat, sowel as skriftelike en mondelinge verslae oor laboratoriumondersoeke.	$W_{AF} = 100\%$
41696	Laboratorium- en Loodsstudies II D 356; Projekgebaseerde module; AF bestaan uit 'n toets oor analitiese chemie, sowel as geskrewe verslae oor laboratoriumondersoeke.	$W_{AF} = 100\%$
16020	Masjienontwerp A 314; AF bestaan uit 'n groot ontwerpprojek (90%) en tutoriaaltoetse (10%)	$W_{AF} = 55\%$ $W_{A1} = 20\%$ $W_{A2} = 25\%$
16039	Masjienontwerp B 344; AF bestaan uit 'n groot ontwerpprojek (80%) en tutoriaaltoetse (20%)	$W_{AF} = 50\%$ $W_{A1} = 25\%$ $W_{A2} = 25\%$
39292	Meganiese Ingenieurswese 152; Projekgebaseerde module	$W_{AF} = 100\%$

39179	Meganiese Projek 478; Finalejaarprojekmodule	$W_{AF} = 100\%$
10886	Megatroniese Ingenieurswese 152; Projekgebaseerde module	$W_{AF} = 100\%$
56790	Megatroniese Projek 478/488; Finalejaarprojekmodule	$W_{AF} = 100\%$
50458	Megatronika 424; Projekmodule wat twee ECSA GAS assesseer	$W_{AF} = 75\%$ $W_{A1} = 12.5\%$ $W_{A2} = 12.5\%$
53678	Numeriese Vloed dinamika 414; AF bestaan uit verskeie opdragte	$W_{AF} = 50\%$ $W_{A1} = 25\%$ $W_{A2} = 25\%$
65609	Filosofie en Etiek 314/414 (in ooreenkoms met die Departement Filosofie) Module aangebied in die 2 ^{de} kwartaal	$W_{AF} = 30\%$ $W_{A1} = 70\%$ $W_{A2} = 0\%$
46795	Projek (E) 448 Finalejaarprojekmodule	$W_{AF} = 100\%$
30279	Projek (Siviele Ingenieurswese) 418/458; Finalejaarprojekmodule	$W_{AF} = 100\%$
14215	Tegniese Kommunikasie 311; AF bestaan uit: Biblioteektaak (5%), Dele van die verslag (5%), Eerste konsep van die literatuuroorsigverslag (5%), Finale konsep van die verslag (45%), Aanbieding van die verslag (20%), Korrespondensie (20%)	$W_{AF} = 100\%$

A.2 Modules wat in die eerste/derde kwartaal voltooi word

Modulekode	Modulenaam
13362	Komplimentêre Studies 451

50431	Omgewingsingeniëurswese 442
50431	Omgewingsingeniëurswese 452
18791	Ingenieursekonomie 212
65609	Filosofie en Etiek 314/414 (in ooreenkoms met die Departement Filosofie)

Soms ontstaan die behoefte om 'n eerste/derde kwartaalmodule in die tweede/vierde kwartaal van dieselfde semester aan te bied, tipies as gevolg van die beskikbaarheid van dosente. Dit word toegelaat mits:

- die skedulering van assesserings dienoreenkomstig met die roosterkantoor afgehandel word voor die einde van die vorige akademiese jaar.
- alle studente wat vir die module geregistreer is, teen die begin van die betrokke akademiese jaar ingelig word.

Derde- en vierdejaar modules in die tweede semester mag **nie** van hierdie toewysing gebruik maak nie, omdat dit die gradeplegtigheidsdatum van die studente wat van die A3-geleentheid (wat deur die vierdekwartaalmodules benut word) gebruik moet maak, sal beïnvloed.

A.3 Modules wat in die tweede/vierde kwartaal voltooi word

Modulekode	Modulenaam
23256	Produksiebestuur 212
14215	Tegniese Kommunikasie 311

Soms ontstaan die behoefte om 'n tweede/vierde kwartaalmodule in die eerste/derde kwartaal van dieselfde semester aan te bied, tipies as gevolg van die beskikbaarheid van dosente. Dit word toegelaat mits:

- Die skedulering van assesserings dienoreenkomstig met die roosterkantoor afgehandel word voor die einde van die vorige akademiese jaar.
- Alle studente wat vir die module geregistreer is, teen die begin van die betrokke akademiese jaar ingelig word.

A.4 Modules wat van A4-assesserings gebruik maak

geen

A.5 Verlengde modules

geen

A.6 Spesiale formules vir finale punte

Die Fakulteit Ingenieurswese se modules gebruik almal die normale finale puntformules, behalwe vir die volgende:

Modulekode	Modulenaam	Uitsonderings
38571	Ingenieurswiskunde 115 en 145; om studente toe te laat om aan die voorvereistes vir Wiskundige Statistiek 214 te voldoen.	Studente in die Data-ingenieurswese fokus-area van BIng Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese word toegelaat tot A3 indien hulle FM na A2 minder as 60 is. Indien hierdie studente A1, A2 en A3 skryf, word FM beperk tot 60.

BYLAE B MODULES MET MODULE-SPESIFIEKE REËLINGS

Hierdie bylae bevat 'n lys modules waarvoor die Fakulteit se Programkomitee afwykings van die assesseringsreëls hierbo goedgekeur het.

B.1 Modules waar assesserings buite die A1-tydperk tot die A1-punt bydra

Gewoonlik dra slegs assesserings wat gedurende die A1-tydperk (d.w.s. tot 2½ weke voordat lesings eindig) afgelê word tot die A1-punt by. In die modules in die tabel hieronder dra sommige assesserings buite die A1-tydperk egter tot die A1-punt by.

Modulekode	Modulenaam	Bydraende assesserings buite A1-tydperk
geen		

B.2 Modules waar meer as een assesseringsvraestel in A2, A3 en/of A4 voltooi word

geen

B.3 Modules waarvan assesserings die normale tydsduur oorskry

geen

B.4 Modules met assesserings wat tot AF bydra en wat buite die kontaktydperke vir die module plaasvind

Volgens die US-assesseringsreëls word assesserings wat tot AF bydra, nie deur die Roosterkantoor geskeduleer nie, maar deur die tuisfakulteit van die module. Assesserings onder toesig wat tot AF bydra, word gewoonlik in die gewone kontaktydperke vir die module afgelê. Goedkeuring is egter verleen dat die volgende modules AF-assesserings op die aangeduide tye mag skeduleer, soos wat die US-assesseringsreëls toelaat, en in oorleg met ander fakulteite wat programme aanbied waarvan die betrokke module deel uitmaak.

Modulekode	Modulenaam	Assesserings- beskrywing	Skedule
46825	Ingenieurstekeninge 123	CAD toetse	Departement se skedule

B.5 Modules met spesiale toestemming om A4-assesserings aan te bied

Volgens die US-assesseringsreëls mag A4-assesserings slegs gebruik word (maar hoef dit nie gebruik te word nie) deur:

- honneurs- en magisterprogramme;
- projektype modules in voorgraadse programme;
- programme wat deur middel van interaktiewe telematiese onderwys aangebied word; en
- sekere voorgraadse modules waarvoor die tersaaklike assesseringsreglement uitdruklik toestemming verleen.

Die volgende tabel bevat 'n lys modules waarvoor sodanige uitdruklike toestemming verleen is:

Modulekode	Modulenaam
	Geen

B.6 Modules waar 'n enkele assesseringsgeleentheid die enigste beslissende faktor vir 'n slaag of sak mag wees

Volgens die US-assesseringsreëls mag geen enkele assesseringsgeleentheid die enigste beslissende faktor vir 'n slaag of sak wees nie, buiten waar 'n fakulteit se assesseringsreglement dit toelaat. Uitsonderings word toegelaat waar dit nie redelikerwys uitvoerbaar is om aan die vereiste te voldoen nie, soos waar 'n groot gedeelte van (of die hele) finale punt deur 'n groot projek of navorsingsopdrag bepaal word, soos in finalejaarprojekmodules en nagraadse programme. In modules wat van hierdie vereiste vrygestel is, moet studente gedurende die projek of opdrag gepaste formatiewe terugvoer oor hulle werk ontvang.

Die volgende tabel bevat 'n lys modules waarvoor sodanige uitdruklike uitsonderings toegestaan is:

Modulekode	Modulenaam
47929	Ontwerpprojek 488
13683	Finalejaarprojek (C) 478
25445	Bedryfsprojek 498
39179	Meganiese Projek 478
56790	Megatroniese Projek 478/488
46795	Projek (E) 448
36315	Gevorderde Ontwerp (Siviel) 446
30279	Projek (Siviele Ingenieurswese) 418/458

B.7 Modules waar 'n enkele assesseringsgeleentheid meer as 60% van die finale punt mag bydra

Volgens die US-assesseringsreëls mag geen enkele assesseringsgeleentheid meer as 60% van die finale punt bydra nie, tensy afwykings van hierdie reël vir elke individuele module goedgekeur is deur middel van die prosedure vir die goedkeuring van 'n fakulteit se assesseringsreglement. Wanneer sodanige afwykings vir goedkeuring voorgelê word, moet dit geregverdig word ingevolge die Universiteit se Assesseringsbeleid, in soverre dit op die betrokke module van toepassing is.

Die volgende tabel bevat 'n lys modules waarvoor sodanige uitdruklike uitsonderings toegestaan is:

Modulekode	Modulenaam
47929	Ontwerpprojek 488
13683	Finalejaarprojek (C) 478
25445	Bedryfsprojek 498
39179	Meganiese Projek 478

56790	Megatroniese Projek 478/488
46795	Projek (E) 448
36315	Gevorderde Ontwerp (Siviel) 446
30279	Projek (Siviele Ingenieurswese) 418/458

B.8 Bekendmaking van finale punte op ander maniere as SUNStudent

Volgens die US-assesseringsreëls mag departemente nie finale punte op 'n ander manier aan studente, ouers of ander partye bekend maak as deur die punte op SUNStudent vas te lê nie. In uitsonderlike omstandighede (soos om vir die vereiste prosedures van beroepsliggame voorsiening te maak), en slegs wanneer die tersaaklike assesseringsreëls dit uitdruklik toelaat, mag departemente of sentrums egter finale punte op ander maniere aan studente en/of beroepsliggame bekend maak.

Die Fakulteit Ingenieurswese het geen sulke uitsonderings nie.

B.9 Besigtiging van nagesiene A2-antwoordskrifte

Volgens die US-assesseringsreëls mag nagesiene A2- en A3-antwoordskrifte besigtig en bespreek word ná die laaste dag wat vir die inlewering van finale punte bepaal is, en met behoorlike inagneming van enige verdere reëlins wat die betrokke departement of sentrum met die goedkeuring van die toepaslike fakulteitsraad of sentrumbestuurstruktuur getref het. Nietemin kan sodanige besigtiging en bespreking van nagesiene antwoordskrifte vroeër plaasvind indien die betrokke assesseringsreëls bepalings met dié strekking insluit.

Die Fakulteit Ingenieurswese maak nie voorsiening vir studente wat toegang tot A3 verkry het nadat hulle A2 afgelê het om hulle nagesiene A2-antwoordskrifte voor die A3-assesserings te besigtig nie.

B.10 Appèlle ten opsigte van ander assesseringsgeleenthede as A2, A2S2 en A3

Die US-assesseringsreëls bevat bepalings oor die herberekening van finale punte en die herevaluering van A2-, A2S2- en A3-antwoordskrifte. Die reglement laat egter toe dat fakulteite se assesseringsreglemente vir appèlle ten opsigte van ander assesseringsgeleenthede voorsiening maak.

Die Fakulteit se bepalings in dié verband is soos volg:

- Appèlle vir AF- en A1-assessering moet ingedien word by die dosent wat verantwoordelik is vir die koördinerings van die module. Sodanige appèlle moet skriftelik ingedien word (e-pos is aanvaarbaar) binne 5 werksdae vanaf die tyd wat die uitslag van die assessering aan studente bekend gemaak is.
- Die verantwoordelike dosent sal die appèl op die beste manier oorweeg wat hy/sy goeddink en moet die student binne 10 werksdae vanaf die sperdatum vir die indiening van appèlle skriftelik van sy/haar besluit rakende die appèl in kennis stel (e-pos is aanvaarbaar).
- Indien 'n student nie tevrede is met die uitslag van die appèl wat by die verantwoordelike dosent aangeteken is nie, kan die student by die voorsitter van die module se tuisdepartement appelleer (let wel: nie sy/haar program se tuisdepartement nie). Die voorsitter sal die appèl oorweeg op die beste manier wat hy/sy goeddink en moet die student binne 10 werksdae na ontvangs van die appèl skriftelik van sy/haar besluit rakende die appèl in kennis stel (e-pos is aanvaarbaar).